# *Moenie Vrees Nie*

Dis wonderlik om terug te wees in die gemeente van die Here, vanaand, op hierdie Saterdagaand wanneer soveel boosheid aan die gang is, altyd, Saterdagaand is 'n aand wat Satan hoogty vier. Maar om te sien mense het steeds die Here genoeg lief om uit te kom, Hom te dien, dis merkwaardig, Ek waardeer dit beslis, waardeer julle goedhartigheid.

2 En nou, môre-oggend, nou, al julle besoekers hier, daar... gaan julle na sommige van hierdie goeie kerke toe, hulle is hier vir, om hierdie diens te verteenwoordig. En as jy hier besoek, wel, kies net jou kerk van jou keuse, daar's baie verskillende denominasies, en—en neem net jou plek in by die Sondagskool, hulle sal baie bly wees om jou te hê.

3 En dan môremiddag, ek dink om twee-uur begin ons die dienste. En ek dink hulle het eers gesê dis drie-uur, en hulle weet ek is so 'n langdradige prediker, so ek dink hulle het bang geword en dit opgestel sodat ons môre-aand by die kerk sou kom. So, kom om twee-uur môremiddag, en dan sal ons probeer om betyds te verdaag sodat julle kan huis toe gaan en julle...Wat is dit hierbo? Is dit *aandete* [Eng. "supper"—Vertl.] hierbo of *middagete*? [Eng. "dinner"—Vertl.] Huh? Ek—ek raak heeltemal deurmekaar daarmee. Sien, vir my sou dit *aandete* wees. As—as ek—as ek my middagete op daardie tyd in die dag gehad het, wanneer sal ek dan my aandete kry? Sien? Ek—ek—ek mis 'n maaltyd iewers, ek—ek hou net daarvan, *aandete*.

4 Hulle sê: "Dis verkeerd, Broer Branham." O, nee, dis Skriftuurlik, jy neem nooit die Here se *middagete* nie, jy neem die Here se *aandete*. Dis reg. Daar was geen—geen middagete nie, niks daaraan nie, dit was die Here se nagmaal. Hierdie hoogdrawende maniere wat hulle deesdae het, stem nie ooreen met die Bybel nie, julle sien, in ons ou Kentucky maniere daaronder, waar ons vandaan kom nie. O, ons het middagete, ontbyt, en aandete. En so, môremiddag...

5 Iets het iewers verkeerd gegaan so, wel, as ek verkeerd is, is ek net, is ek net verkeerd grootgemaak, julle sien, reken ek. So dit was middagete, ontbyt, en aandete by ons huis, Pa het ingekom...Ontbyt, middagete, en aandete, dis reg, ek het geweet daar was iewers iets verkeerd, ek het iets gesê. My vrou, sy het gesê: "Jy kan soveel dinge verkeerd sê." En dis reg, sy is beslis reg daaroor.

6 'n Paar aankondigings: As julle kerk nie diens het nie, een of ander tyd volgende week, sal ons net hierbo in Ohio wees, by, by Broer Sullivan en hulle, waar ons soveel keer was. Ek dink dis

by die Munisipale Ouditorium daar, en ons sal baie bly wees om julle te hê.

7 Nou, laat ons sien, die naam van daardie stad is Middletown. Ek wil dit Milltown noem, dis waar die Here eenkeer 'n groot wonderwerk gedoen het toe ek die Baptiste kerk pastoor was in, by Milltown. Maar dis Middletown, ek het dit geskryf gehad as *Milltown*, maar Middletown, Ohio, en ons sal bly wees om julle daar oorkant te hê. En dan, maar as jou kerk diens het, nou, bly jy op jou pos.

8 Ek glo ek ken 'n prediker wat hier sit, wat Broer Hall is, is dit nie, van onder in Tennessee? Ek het jou net daar gesien, Broer Hall. Here seën jou. Bly om jou daar te sien.

9 En ek dink wat langsaan sit, is een van die broers, wat op die privaat onderhoude was vanmôre. Is dit reg? Oorkant, tweede daar, dat . . .? Gedink, ek het hom herken.

10 Sien, ons het privaat onderhoude. Julle mag wonder hoe hulle gekom het, maar daar's nou omtrent seshonderd op 'n waglys. Nie net van net een stad nie. As daar net een stad is . . . Hierdie is wêreldwyd, mense kom van regoor die wêreld, en hulle teken in vir maande en maande en maande voor die tyd om in te kom. Mense wat moet weet om voort te gaan, wat die Woord van die Here vir hulle is. En ons ontmoet hulle, en bly net reg by hulle totdat die Here spreek en sê wat hulle moet doen.

11 Nou, julle sê: "Dis—dis . . . " Wel, dis sekerlik Skriftuurlik, dis presies reg. En, natuurlik, ons besef dis profetiese amp, wat ek nie aanspraak maak om enige profeet van die Here te wees nie, maar tog, het Hy my dinge laat vind, en my dinge vertel om vir Sy kinders te vertel om hulle te help; Hy het my nog nooit gefaal nie.

12 Byvoorbeeld, hierdie man wat net *hier* sit vanmôre . . . Nou hulle kom in die plek in . . . En ander is ook hier, hulle, sommige van hulle skryf in en kry hierdie uitnodigings dat wanneer ons naby 'n stad is, wel dan, bring hulle hierdie uitnodigings, en die veldsekretaris moet hulle nakom, want ons het vir hulle 'n belofte gemaak, en ons kry hulle in deur die dag, en dis waarom ek kom vir die diens in die aand, alreeds soveel visioene, dit maak jou net amper dood.

13 En jy kan enige van hulle vra wat in die dienste is wat in daardie privaat onderhoude is, hoe die Heilige Gees kom en dinge uitbring, wat niemand weet behalwe God alleen nie. Dinge, vertel mense dat, destyds toe hulle klein kindertjies was, en dis—dis anders as wat dit hier op die platvorm is.

14 Hier op die platvorm, is dit net, sien jy net iets, en spreek dit, en gaan aan, want jy moet die volgende een kry. Maar op hierdie manier, wanneer jy miskien twee of drie in 'n dag het, dan bly jy net daar totdat die Heilige Gees die hele ding openbaar. Hulle hoef nie een woord te sê nie, Dit sê vir hulle, Self, wat hulle

gedoen het, watter soort probleem hulle in is, wat hulle behoort te doen, en vertel hulle terug deur hulle lewe, vertel hulle wat gedoen is, ensovoorts.

15 Hoeveel was al ooit in daardie onderhoude, weet dat dit waar is? Steek julle hande op, dit was, ja, sien, daar's verskeie van hulle hier. En *hierdie* kêrel het sy hand opgesteek, en ander, vandat ons hier was.

16 Dit gaan reguit terug na kinderdae en bring dit reguit op, sê vir jou waar jy jou foute gemaak het en wat. As jy opreg is voor die Here, en Hy gee dit vir my, nou, dis die enigste manier wat ek dit kan doen, ek beheer dit nie, dit beheer my, sien, dit—dit neem jou om dit te glo.

17 Maar daar's baiekeer wat mense in sulke probleme beland, ons weet die eerste ding, as die Woord van God dit sal afhandel, bly net daar by die Woord van God, want dis God se Woord. Maar nou, wat as jy een of ander fout in die lewe gemaak het, of iets gedoen het, of nie weet wat om te doen nie, en dan, jy weet nie wat die wil van die Here is nie? Sien? Dan het jy 'n reg om Hom te kom vra.

18 Julle onthou eenkeer in die Bybel was daar, ek glo dit was Isai se seun, wat verloor het, Isai 'n paar muile verloor, wat weggegaan het? Hulle het gesê: "Ons sou afgaan na die siener as ons 'n geskenk gehad het om hom te gee," en hulle was opreg daarin: "en hy sou vir ons sê waar om hulle te gaan soek." En toe vind ons uit, dat die siener hulle op die straat ontmoet en vir hulle gesê het die muile het alreeds teruggekeer huis toe. En hy het gegaan om Dawid te salf om koning te wees. En soveel plekke in die Bybel, toe hulle opgegaan het voor die diensknegte van die Here om raad te vra.

19 Wel, nou, ek wil jou vra: Wat van jou, wanneer jy in groot moeilikheid beland, gaan jy nie na jou pastoor toe nie? Is dit reg? Jy behoort dit te doen. As jy in die moeilikheid beland, moet jy na jou broer toe gaan en vir hom sê, sê: "Broer, ek—ek het iets verkeerd gedoen, ek—ek moes dit nie gedoen het nie. Ek—ek vra jou om my nou te help om deur te bid totdat ek—ek oor hierdie ding kom." Of: "Help my in my probleme." Is dit nie die Skriftuurlike manier om dit te doen nie? Wel, dis omdat hy jou pastoor is, hy's jou herder, hy's die een wat die Kos vir jou gee om—om te eet. En hy weet hoe om sy skape te voed, dat God en die Heilige Gees hom as opsiener oor die kudde gemaak het, om oor hulle te waak en vir hulle te sorg, en dis waarvoor hy is.

20 Wel, dieselfde ding . . . Sien, ek's nie 'n prediker nie, julle weet dit. Ek het net, ek het nie genoeg geleerdheid om 'n prediker te wees nie. Maar die Here, ek hou daarvan om mense te vertel wat ek van Hom weet. En dan, maar my gawe in God is iets anders.

21 Ek kyk na wat net hier voor my sit, 'n ander een, wat in die diens was vanmôre, een van die dienste, 'n Baptiste broer, sy

vrou ’n Metodis. Hierdie Baptiste broer het die moeilikste tyd gehad om ooit sigarette op te gee. So, hy het aanhou kom, en bly voortgaan, en net aangehou om te probeer. En—en goeie man, ek sê dit nie omdat hy hier sit nie, het net toevallig hom en sy vrou opgelet.

22 En so, uiteindelik eendag, terwyl hy daaronder was, Jeffersonville, gewag het op een van daardie privaat onderhoude, het die Heilige Gees net ingekom en die hele ding geopenbaar, en die sigarette veroordeel wat hy probeer het, hy gebid het, hy neergesit het. Van toe af het jy nooit aan een geraak nie. Is dit reg, Broer Artez? Of, wat is jou naam? [Broer Arnette sê: “Arnette.”—Red.] Arnette. Hy’s van een of ander, onder in die suide hier, iewers in. [“Columbië, Suid-Carolina.”] Columbia, Suid-Carolina. En dit was verby van toe af, is dit nie? Ja, dis, dis reg.

23 En nou, vanmôre het hy gewag en nog ’n onderhoud gehad oor iets wat hy nie geweet het wat om te doen nie. (Kyk net en kyk wat die Here gesê het.) Voor hy gekom het, het sy vrou ’n droom gehad, van wat. . . sy het ’n droom gedroom, en voor hulle selfs gekom, of enigiets gesê het, het ek vir die broers gesê wat sy my gaan vertel van die droom, wat die uitleg was, voor hulle ooit daar gekom het (Is dit nie reg nie?), voor dit ooit gebeur het, net wat sou plaasvind, en wat die droom beteken het.

24 Ons. . .Hier ’n tyd gelede was ek in ’n diens, en ek was. . . Ek glo in outydse heiligheid, en ek glo daarin—in om net presies te noem wat die Bybel sê, sê dit, dis al. Maak nie saak of dit seermaak nie, dan maak dit seer, dit doen nie. . .As jy dit doen om gemeen te wees, dan behoort ek na die altaar toe te gaan en reg te maak, maar ek doen dit uit liefde.

25 As jy jou kind iets sien doen het wat hy homself sou doodmaak daarmee, sou jy nie daardie kind help nie? As jy hom ’n bietjie posterieure protoplasma stimulasie moes gee, jy weet, ja, hom dit net behoorlik moes gee, sou dit net beter vir jou—jou—jou wees om dit te doen, as wat dit sou wees om die kind te laat doodgaan. Dink julle nie so nie? Wel, sekerlik, as jy hom regtig moes teregwys en hom slaan en hom homself laat gedra. Wel, dis hoe God met ons maak, en *Hier* is Sy Sweep, is die Evangelie, Dis skerper as ’n tweesnydende swaard, wat regtig kap. En as ’n dienskneg deur God geroep is, sal hy nie toegee op een Woord nie.

26 ’n Sekere prediker het my ontmoet nie lank gelede nie, ’n baie bekende man, Doktor van Godsgeleerdheid, hy het gesê: “Broer Branham, jou dienste behoort die groot senuweesentrums te bereik.” Gesê: “Jy kan die plekke soos New York Stad bereik, en—en sovoorts, baie groot plekke.” En gesê: “Ons het ons eie vliegtuie en,” hierdie denominasionele kerk, en gesê: “ons sal jou om die wêreld vlieg, net die hoë plekke en die senuweesentrums bereik.” Gesê: “Daardie bediening behoort aan almal bekend te

wees." En hy het gesê: "Daar's net een ding wat ek jou wil vra om te doen," gesê: "net oor 'n paar dinge wat jy preek, as jy net daarvan sou vergeet en dit ter syde stel."

27 En ek het na hom gekyk, ek het hom op die naam genoem, ek's bang om dit te sê, want baie van julle ken hom, en ek het gesê: "Dokter, ek is verbaas dat 'n man van jou kaliber, 'n dienskneg van Christus, 'n ander dienskneg van Christus sou vra om toe te gee op die Woord van God." Reg. Ek het gesê: "Ek's verbaas dat jy dit sê."

Hy het gesê: "Wel, ons dink dat jy verkeerd is in jou denkwyse."

28 Ek het gesê: "Korrigeer my dan met die Skrif." Dis die manier om te doen. Ek het gesê: "Korrigeer my dan." Sien? En ek het gesê: "Ek sou nie toegee op die Woord van God nie, nee, meneer." Ek het gesê: "Ek—ek . . . " En ek het gesê: "En buitendien . . . "

Hy het gesê: "Wel, wat doen—doen jy daarmee, Broer Branham? Jy hang rond by 'n klomp mense wat net 'n klein groepies *hier* en *daar* is."

29 Ek het gesê: "Luister, God, toe Jesus gekom het, het Hy nooit die senuweesentrums besoek nie, Hy het na die Uitverkorenes toe gekom, my bediening is aan die Uitverkorenes." Ek het gesê: "Wat ek doen, word ek gelei om te doen, en ek gee nie om oor senuweesentrums nie, ek gaan waar die Here my lei."

30 Wat as ek yslike groot programme gehad het en *soveel* duisend dollar elke dag moes hê, wat sou ek doen? Ek sou nie daardie bekommernis hê nie, ek's bly die Here, Hy het geweet om dit nie op my te sit nie, ek het nie genoeg verstandelike vermoëns om dit te hanteer nie.

31 Ek het gesê: "Ek—ek—ek sou nie hierdie programme hê nie. Ek hoef niks te hê nie." Sien? Net al wat ek nodig het, is Sy genade, dis al. Dis reg. Dis al wat ek nodig het.

32 Ek het, nie lank gelede nie, gestaan en 'n groot, pragtige gebou dopgehou wat gebou is. En ek het daar gestaan en my hart het net geween, en ek het gedink: "O, goeiste, Here!" En ek het soontoe gegaan en ek het gekyk, ek het iets gesien wat sommige broers gedoen het, ek het daar rondgekyk en hierdie groot dinge gesien. En ek het daarbuite gestaan en, waarlik, ek sal dit bely, wonderlike mense, ja, meneer, ware dienaars van Christus, en ek het gedink: "Goeiste, is dit nie wonderlik nie Here, maar wat makeer my?" Sien? En ek het gesê: "Miskien kan ek nie vertrou word nie."

Net toe het ek 'n Stem gehoor, wat gesê het: "Maar Ek is jou Deel."

Ek het gesê: "Dankie, Here, ek sal net daardie deel neem."

33 "Ek is jou Deel." Ek hou net van . . . Hy wil- . . . Hy is my Deel, dis wat ek wil hê, Hy moet my Deel wees.

34 Ek glo die Here kom binnekort, ek preek dit, ek lewe dit, ek wil dit glo en daarby bly. Dis reg. En as jy preek en sê: "Die Here kom gou," en—en dinge doen, lyk asof dit nog 'n miljoen jaar gaan wees voor Hy kom, wel, veroordeel jou eie werke jou getuienis. Sien? Daardie—daardie . . . As Hy binnekort kom, laat ons gereedmaak. Kom ons . . .

35 Hoe anders is daardie Pinkster vandag as wat dit altyd was! Ek het gestaan by die Volle Evangelie Christen Sakemanne, wonderlike groep, dis die enigste organisasie waaraan ek behoort, en dis nie 'n organisasie nie, dis 'n organisme. En die rede waarom ek dit doen, ek het die sakemanne gekry om uit elke groep uit te kom, en—en dan stel dit soort van hulle pastoor in die verleentheid, want hulle sal saamwerk, so dan, bring die hele kerk uit, en kan ek saam met hulle almal werk. Ek—ek tree in die bresse en sê: "Ons is broers, ons is broers. Ons moet nie verskille en lyne hê nie, ons moet broers wees, almal van ons saam."

36 En ek was in Kingston, Jamaika, en ek het party van die sakemanne daardie dag hoor getuig voor daardie sakemanne daar van: "My besigheidjie was net *so-en-so*, en prys God, ek het drie Cadillacs, en ek het *dit*, *dat*, en die *ander*."

37 Daardie aand het ek gesê: "O, broers, hoe anders is Pinkster nou toe dit gebruik het . . . toe Dit die eerste keer geval het! Toe Dit die eerste keer geval het," het ek gesê: "het die mense verkoop wat hulle gehad het en armlastiges geword, om die Evangelie uit te dra." En ek het gesê: "Deesdae probeer hulle daardie sakemanne vertel . . . Hulle het sake, hulle weet wat om te doen, hulle, dit is nie waarna hulle soek nie. Laat hulle die liefde van God ken, dis wat hulle probeer vind, nie hoe om hulle besigheid beter te maak nie. God belowe nie 'n blombesaaide bed van gemak nie. Hy . . . Ons—ons pad is moeilik en hard, en as julle nie gewillig is om daardie pad te volg nie, moenie begin nie, want as jy God regtig dien, gaan jy met 'n moeilike pad kom, bedoel ek."

> Party deur die waters, en party deur die vloed,
> Sommige deur diep beproewinge, maar almal
> deur die Bloed.

Dis reg. Dis hoe Hy Sy kinders lei.

38 Daar was 'n sekere, klein evangelis, sanger saam met ons daar oorkant, hy het gesê: "Maar Broer Branham," het hy gesê: "dis een keer wat—dat die dissipels 'n fout gemaak het."

Ek het gesê: "Wat was dit? Ek glo nie hulle sou nie, hulle was geïnspireerde manne."

39 Hy het gesê: "Wel, toe al die mense hulle goedere verkoop en dit voor die apostels se voete neergelê het," gesê: "toe die vervolging begin het, het hulle nie enige huis gehad om na toe te gaan nie, het hulle geen plek gehad om terug te gaan nie." Hy het gesê: "Dit het gewys hulle het 'n fout gemaak."

Ek het gesê: “God maak geen foute nie, nee, meneer.”

Hy het gesê: “Wel, hulle, as hulle ’n huis gehad het om na toe te gaan. . . ”

40 Ek het gesê: “Dis wat God wou hê hulle moet doen. Hulle het versprei, sonder ’n tuiste, en die Evangelie deur die hele land versprei.” Omdat hulle geen plek gehad het om na toe te gaan nie, is dit hoe God dit moes doen.

41 O, as ons net die leiding van die Gees sou volg, sien, dan sou dit beter wees as ons net teruggaan na die leiding van die Gees en dit volg, en dit sou beter vir ons wees, glo ek.

42 Nou, ons hoop nou dat almal genees sal word. Gisteraand was ’n wonderlike aand. Ek voel net die impak van die Gees, hoe Dit op die mense beweeg het, en hoe God gewerk het.

43 Nou, pastore, my broers, onthou julle ’n lang tyd nadat ek weg is, wanneer ek hier weg is, onthou julle daar sal vroue en mans wees wat probleme gehad het vir ’n lang tyd, wat sal opkom en getuig: “Dis weg.”

44 Gisteraand terwyl ek die platvorm verlaat het, het ek gesteier, ek kon dit nie help nie. Sien? Ek het skaars geweet waar ek was. Dit was so ’n geweldige opwelling van geloof, julle sien, dit kom op.

45 Nou, dis jammer dat ons net ’n paar dae moet bly en dan vertrek. Sien? As ons net ’n rukkie wag, as ons net, tyd gehad het! Maar ons swerf net oor die land, oral waar ons kan (Probeer inkom, elke hou wat ons teen Satan kan inkry.), en aan die Kerk uitverkorenes, en laat hulle daardie teken sien wat Christus gesê het sou wees voor die Koms, want ek weet nie watter uur Hy mag verskyn nie, en ek wil alles doen wat in my vermoë is. So bid vir my, dis die beste ding wat julle vir my kan doen, is om vir my te bid.

46 Nou, soos ek gesê het, ek het geen programme om te ondersteun, of enigiets nie, en as ek gehad het, dan sou ek nie hier kon wees nie. As ek gehad het. . .Baie van die broers wat groot programme het wat hulle moet ondersteun, radio, wêreldwye televisie, en groot dinge soos daardie, hulle—hulle kan nie bekostig om na ’n klein groepie mense toe te kom nie.

47 Maar sien, die Here het geweet ek was soort van ’n klein, wel, ongeleerde kêreltjie, sodat Hy my net kon laat afgaan en hulle vang wat die ander broers nie kry nie, veronderstel ek. En ek het ’n diens gehou, net onlangs, in ’n kerk met sitplek vir twintig mense. Ek weet dit was pateties, maar ek het.

48 Maar daarom, sien, wanneer die Here wil hê ek moet oorsee gaan, sê: “Hoe doen jy dit?” Op *een of ander manier* kom iemand en gee my die geld om te gaan. En so, en as ek na ’n klein plekkie toe moet gaan, is ek nie onder enige verpligting nie, ek kan net gaan. So ek net, waar Hy wil hê ek moet gaan, sorg Hy vir my,

en ek lewe net in geloof, en wandel in geloof, en waar Hy, wat ook al, wat Hy wil hê ek moet enigiets doen, voorsien Hy altyd ’n weg.

49 Ek het vir vyfhonderdduisend op een slag gepreek, en ek het gepreek vir—ek het vir vyf of ses op een slag gepreek, ’n diens gehou waar tien of vyftien gesit het. En van die lekkerste dienste wat ek ooit gehad het, was in ’n—’n biduur in ’n huis, iewers. Dis reg. God kan na ’n klein groepie of ’n groot groep toe kom, die grootte maak geen verskil vir God nie: “Waar twee of drie ook al vergader is, sal Ek in hulle midde wees.” Dis reg.

Nou, voor ons die Woord nader, wil ons die Outeur nader.

50 Het enigiemand ooit vir Booth-Clibborn geken? Reken baie van julle. William Booth-Clibborn, het daardie beroemde lied geskryf: *Vanuit Sy Glorie*, hy’s ’n persoonlike vriend van my. En hy preek die Evangelie in sewe verskillende tale, hy’s net so slim. Dis die ou man Generaal Booth se kleinseun, en hy’s ’n Engelsman. En—en hy, Booth, hy mag hier sit. So, hy’s nogal ’n kêrel, ’n ware teoloog.

51 En eendag, het ons soort van verskil oor *iets*, en so, het ek gesê: “Wel, Broer Booth, hoe kan dit ooit wees, as *dit daardie* is?”

52 En nou, Broer Booth, as jy hier is, ek wil nie weer die onderwerp aanroer nie. Maar hy was vas, en hy kon geen plek vind om na toe te gaan nie. So hy net. . .Ek het hom net laat spring, totdat hy reg in sy eie strik gespring het. Julle weet, net soos, gee ’n koei genoeg tou en dit sal homself ophang. So, hy het uitgekom op die punt van die tak en kon nie terugkom nie. En ek het gesê: “Wat nou, Broer Booth?”

Hy het gesê: “Jy ken net nie jou Bybel nie.”

Ek het gesê: “Maar ek ken die Outeur baie goed.” Ek het gesê (Dis reg.), en het ek gesê: “Hy sal my die res Daarvan leer.”

53 So, as ons nie die Woord ken nie, laat ons die Outeur baie goed ken. En Hy sal ons nie laat verkeerd wees nie, Hy sal ons lei, op een of ander manier, na die regte. So, laat ons nou met Hom praat, voor ons Sy Woord nader, terwyl ons ons hoofde buig.

54 Ons Hemelse Vader, ons is weer dankbaar vir die geleentheid, hierdie kant van die Ewigheid, om Jesus Christus voor te stel aan ’n gehoor wat wag.

55 En nou, ek het dikwels gedink hoe, wat ek sou doen as ek ’n —’n houer, of, ’n glas in my hand gehad het, en in daardie glas een druppel van die letterlike Bloed van Jesus gehad het. Hoe ek dit teen my hart sou vasdruk! En hoe die aanbidding wat ek daarvoor sou hê, sou uitstort, soos trane teen my wang sou afstroom, dat ek in my hand een druppel van die letterlike Bloed van die Here Jesus gehad het, daardie Bloed Wat my gered het!

56 En daar toe die dokters my nog net drie minute gegee het om te lewe, meer as dertig jaar gelede, het dit my gered en my genees. O God, hoedat ek U gesien het, deur die jare, tiene van duisende maal duisende van siek mense wat ons dokters opgegee het, geneem het, en hulle gesonde en geneesde mense gemaak het om hulle lewe voort te sit, daardie Bloed is wat dit gedoen het. En ek sou dink hoe ek dit sou vashou!

57 Maar, vanaand, in U Eie Woord hou ek iets groter as een druppel van die Bloed vas, ek hou die gekooptes van daardie Bloed vas voor my. Hy het Sy mense meer liefgehad as wat Hy Sy Eie lewe liefgehad het, so Hy het Sy Lewe se Bloed gegee om hierdie mense te koop. Dan, Here, hoe moet ek hulle benader? groter as die Bloed self, die koopprys van die Bloed.

58 Nou, Vader, ek bid dat U my sal verberg sodat ek nie mense sal sien, of mense vrees, of niks nie, maar net die Woord preek, Dit eenvoudig en duidelik uitlê. En mag U dan daarna kom en bevestig wat ek gesê het as die waarheid, en dan maak dit dit waar, Here. En as ek nooit weer hierdie mense aan hierdie kant van die Hemel, of, hierdie kant van die Oordeel ontmoet nie, dan sal daar geen mens se bloed op my hande wees nie, Here, en sal U vry wees omdat U U Woord bevestig. Ek bid dat U dit sal skenk, vanaand.

59 Genees die siekes, Here, en red hulle wat redbaar is, almal wat U geroep het, as daar enige van hulle hierbinne is vanaand, Here, wat voor die wêreld begin het, wat deur U groot voorkennis U geweet het gered sou word, en vanaand, op 'n manier, het U hulle reg in die plek ingejaag. Mag iets gedoen word, vanaand, wat sal veroorsaak dat hulle hulle lieflike Verlosser herken, en Hom ontvang. Ek bid, in Jesus' Naam. Amen.

60 Nou, in die geskrifte van Matthéüs die 14de hoofstuk en die 27ste vers:

> *Maar Jesus het dadelik met hulle gespreek en gesê, Hou goeie moed; dit is Ek; moenie vrees nie.*

61 Ek wil daardie woord van *Moenie Vrees Nie* gebruik. *Moenie Vrees Nie*, drie woorde vir 'n teks.

62 En toe, moes dit omtrent die tyd gewees het wat die son ondergegaan het, lang, vermoeiende dag, uitgerek, baie dinge het plaasgevind, en ek kan die groot spiere sien uitbult onder sy skouers, soos hy daardie boot van die sandstrande van die Galiléa af begin beweeg en dit ter water gelaat het. Die sterk, groot visserman genaamd Simon het toe sy plek ingeneem soos hy gestap het deur die bootjie, en gaan sit het langs sy broer, Andréas, en 'n roeispaan opgetel het.

63 En soos die bootjie saggies begin uitbeweeg het in die water, het die krete van die mense van die oewer af, geskree: "Kom terug en sien ons weer. Ons waardeer so julle besoek aan ons." Hoe hulle harte moes geswel het om te weet dat hulle iets gedoen

het wat goed was! Almal van ons wil dit graag hoor, o, almal. Partymaal 'n diens verlaat, mense wat net huil.

64 En hier, toe ek Suid-Afrika verlaat het, onlangs, was daar omtrent tienduisend by die lughawe, en hulle was daarbuite, het daarbuite gestaan en huil, en gehuil, gehuil, geskree: "Kom terug en vertel ons weer van Jesus," julle sien. Soveel groot dinge!

65 En 'n doktertjie wat gesien het hoe 'n wonderwerk gedoen was, skeel-oog seuntjie op die platvorm gekom, net so skeel as wat hy kon wees, en voor hy by my gekom het, het sy oë reguit gekom. Het hom net van die platvorm afgehaal, en 'n Britse dokter het teruggekom van die . . . wat daaragter gesit het, en hy het gekom, gesê: "Wat het jy aan daardie seun gedoen? Het jy hom gehipnotiseer?"

Ek het gesê: "Hom gehipnotiseer?" Ek het gesê: "En hulle gee jou 'n lisensie om medisyne te praktiseer, en jy weet meer van hipnotisme as *dit*?"

66 En hy het gesê: "Ek het die seun op die platvorm gesit, hy was skeel, en hier is hy, sy oë is reguit." Gesê: "Iets het tussen *daar* en *daar* gebeur."

Ek het gesê: "Hy het Jesus ontmoet." Sien?

En ek het gesê: "Ek het nooit aan hom geraak nie."

En hy het gesê: "Het jy hom gehipnotiseer?"

67 Ek het gesê: "Beslis nie, meneer." Ek het gesê: "As hipnotisme skeel oë kan reguit maak, moet julle kêrels nie maar liewer begin om hipnotisme te beoefen nie?" julle sien. "Dit sou beter wees as enige operasie wat julle kan doen, as hipnose dit sal doen."

Ek het gesê: "Nee, ek het nie die seun gehipnotiseer nie, God het sy oë reguit gemaak."

68 Hy het gesê: "Ek—ek weet daar's 'n God," hy het gesê: "ek weet daar's 'n God." Gesê: "Daardie—daardie—daardie lelie . . . " Hulle lelies daar, susters, as julle party van hulle kon ken, wel, daardie groot aronskelke is agtien duim breed, groot geel en wittes, die mooiste ding, wat wild groei reg in die oerwoud. Hulle het groot ruikers van hulle gehad wat regoor die platvorm gestaan het. Gesê: "Ek weet daar's God, lewe in daardie lelies, want die lelie kan nie sonder lewe lewe nie." Hy het gesê: "Maar tasbaar genoeg om 'n operasie op daardie oë te doen?"

Ek het gesê: "Wie het die oë in die eerste plek gemaak?" Sien? "Waar het hulle vandaan gekom?"

En hy het gesê: "Wel . . . "

69 En net toe, het Dr. Bosworth nadergekom en gesê: "Jy sal moet gaan, meneer, jy sal 'n oproer veroorsaak. Sien?" Gesê dat "Tyd is waardevol nou, terwyl die salwing op ons broer is." Gesê . . .

70 Kom gewoonlik na die dienste toe, om dit meer effektief te maak, Mnr. Baxter en Mnr. Bosworth en hulle, die—die bestuurders, hulle doen die praatwerk, ek kom net reguit, reguit na die platvorm toe, roep die gebedsry, en vertrek dan nadat dit verby is. En, maar nou, natuurlik is ek net alleen hier net saam met die kêrels, en so het ek, probeer rondstruikel met die praatwerk, self.

71 So toe, toe die—die dokter . . . En hy het hom begin wegneem. En hy het gesê, en hy het gesê: "Net 'n oomblik," hy het gesê: "Mnr. Branham, wil jy vir my sê dat God, die groot Skepper, iewers tussen *hier* en *daar* is?"

Ek het gesê: "Hy's oral."

En hy het gesê: "Ek . . . Wel, daar moet een of ander tasbare Krag wees, wat daardie seun se oë reguit gemaak het."

En ek het gesê: "Dit was God."

72 En hulle het hom begin wegneem, toe het Mnr. Baxter na hom toe geloop. Hy het gesê: "Net 'n oomblik." Hy het by die, tot by die mikrofoon gekom, hy het gesê: "Ek, ook, sal Jesus Christus as my persoonlike Verlosser ontvang."

73 En toe ek na Johannesburg vertrek het, hierdie is die waarheid, God in die Hemel weet, en toe ek Johannesburg verlaat het, het hy oor die heining gespring, waar hulle hom daaragter gehad het, daar uitgehardloop en sy arms om my gegooi toe ek uitgekom het onder die mense, en die wagte, op pad uit na die Pan American Airlines. Toe ek daar uitgegaan het, hulle . . . het hy daar uitgehardloop en sy arms om my gegooi, en gesê: "Die Here het my geroep na die bediening." Het nie gekry . . . Het begin praat in tale, met sy arms om my nek, soos daardie, so, 'n Britse dokter.

74 So nou, ek het van hom gehoor, hier omtrent twee of drie jaar gelede, omtrent twee jaar gelede. Dit was omtrent vyf jaar gelede. Hy het 'n groot bediening daarbo, help die, regtig, die siekes en beproefdes bo in Afrika.

75 So, wanneer die mense waai: "Totsiens, kom weer terug," laat dit net jou hart baie goed voel. En dis iets wat jy weet wat jy voel dat jy iets bereik het. En hierdie dissipels moes so gevoel het toe hulle almal vaarwel toegewuif het, "Ons sal julle weer sien, en kom weer terug na ons land toe, en—en praat weer met ons."

76 En soos die son laag gesak het, en die bootjie wat sy weg gebaan het, en elkeen van die vissermanne, en die bootmanne wat die groot roeispane trek, soos hulle . . .

77 Die bote in daardie dae, hulle het—het roeispane gehad, twee, sou een aan *hierdie* kant van die sitplek wees, en een aan *daardie* kant. En hulle sou sit met groot roeispane en net tyd hou soos hulle—hulle die boot geroei het.

78 En dit baan sy weg uit deur die stil waters, en, uiteindelik, het hulle buite hoorafstand geraak van die mense wat op die oewer staan en waai. En hulle moes aangehou het, miskien, vir nog vyftien, twintig, of dertig minute. En ek weet nie, dit moes jong Johannes gewees het, hy was die jongste van die groep, en 'n man wat aan boord was daardie aand, van die boot, hy moes gestop het om sy asem te skep, want hulle het baie hard geroei, hulle moes die see oorsteek daardie nag, of, die meertjie.

79 En hy het gestop, miskien, en die hare uit sy oë gevee en gesê: "*Whew!*" soos hulle hulle asem gekry het, en gesê het: "Broers," niemand het niks gesê vir 'n geruime tyd nie, gesê: "Ek . . . een ding vandag, ons kan almal verseker wees dat ons nie 'n bedrieër volg, soos mense dink Hy is nie."

80 Gesê: "Julle weet, toe daardie seuntjie daar opgekom het met daardie vyf klein broodjies, twee vissies, en dit vir Hom gegee het, en ek het gewonder wat Hy daarmee sou doen. En toe ek Hom daardie brood sien breek het en dit vir ons uitgedeel het, ek het agter Hom omgeklim om te sien waar dit vandaan kom. Maar Hy het 'n broodjie geneem, dit net gebreek, dit uitgedeel op 'n skinkbord, en teen die tyd dat Hy weer teruggekom het, was daar nog 'n broodjie, dit afgebreek. Het daardie visse geneem . . . "

81 Wonder watter soort atoom Hy toe losgelaat het, broers, wonder wat Hy gedoen het. Nie net vis nie, maar gaar vis; nie net meel nie, maar gebakte meel, alreeds in die brood. Wat het Hy losgelaat? Dit op daardie borde neergesit met vyf broodjies en twee vissies, en vyfduisend mense gevoed, en mandjiesvol opgetel van die stukkies wat oorgebly het. Wat het Hy gedoen?

82 Ek kan jong Johannes hoor sê: "Ek het Hom in baie groot dinge gesien, ek het Hom altyd geglo, maar vandag het dit dit afgehandel. Ek onthou toe ek 'n klein, Joodse seuntjie was, het my mamma my altyd op haar skoot getel, en sy sou vir my sê: 'Johannes?' En ek sou opkyk in haar mooi, groot, bruin oë, en sy sou sê: 'Johannes, ek wil vir jou Bybelstories vertel.' En hoe ek altyd lief was vir hulle!"

83 Dis jammer dat moeders nie hulle kinders vandag neem en vir hulle Bybelstories vertel nie. Moeilik om 'n pastoor te kry wat dit sal doen, wat nog van 'n—'n—'n moeder. Ek dink daar's—daar's vyf Evangelies, julle ken net vier van hulle in die Bybel, maar dis Matthéüs, Markus, Lukas, Johannes, en Moeder. Moeder kry hulle wanneer hulle jonk is, sy behoort net daar met hulle te begin voor hulle enigiets van Matthéüs, Markus, Lukas, en Johannes weet.

84 En as moeders net meer tyd sou neem om met hulle kinders oor God te praat en vir hulle te bid, sou ons minder jeugmisdaad hê. Eerste van alles, is dit ouermisdaad voor ons jeugmisdaad het. As moeders hulle plek in die huis sou inneem, en 'n Bybel, en vir hulle kinders sou bid, en hulle na Christus lei, in plaas

van uit te gaan na een of ander stik-en-naaldwerk partytjie en kaart speel, en drink, en aangaan, en rook en . . . Wel, ek wil nie daarmee begin nie. Maar, in elk geval, ek . . . Dis verskriklik hoe dit gaan.

85 Vandag het ek gelag vir my arme, ou vroutjie. Ons was by Howard Johnson om vir ons een van daardie 3-D's te kry. Julle weet dis, gewoonlik eet ek nie baie gedurende hierdie soort diens nie. En ons was daarbo, en sy het gesien die, 'n dame daarbo wat hierdie *manikuur* hier aangehad het, julle weet, wat die goed ook al is.

86 En omtrent twee weke gelede, was ek in Kalifornië, het nie geweet dit het alreeds so ver versprei nie, en ek het in Clifton se Kafeteria gestaan, en ek, gewag vir Broer Arganbright, wat die Vise President van die Volle Evangelie Sakemanne is, en ek moes hom daar ontmoet, en 'n jong dame het in die plek ingekom, en ek het na haar gekyk, en ek het gedink: "Wel, daardie arme dame!" Nou, haar oë was 'n allerverskriklike gesig. Ek het gedink: "Sy's siek, ek sal soontoe gaan en vir haar bid." En ek—ek het gesien, ek het oftalmie gesien, en ek het gloukoom gesien, ek het melaatsheid gesien, maar ek het nog nooit so-iets gesien nie. En ek het gedink: "Sy . . ." Eerlikwaar, ek—ek praat die waarheid, ek het gedink die meisie was iets, 'n siekte wat ek nog nooit tevore gesien het nie. So sy, haar oë was baie groen, en dan baie blou daaragter.

87 En ek het gedink: "Ek . . . Daardie kind, hoe is sy hierbuite op straat soos daardie?" En ek het gedink ek sou na haar toe gaan en sê: "Suster, verskoon my, ek's 'n prediker van die Evangelie. Wat is verkeerd met jou oë? Kan ek—kan ek 'n gebedjie vir jou doen, as die dokter nie weet nie? Miskien . . ."

88 En ek, net toe ek na haar toe op pad was, hier het nog 'n paar vroue opgekom met dieselfde ding, en ek het gedink: "Ek wonder of dit een of ander *manikuur* is wat hulle op hulle oë sit," julle weet. En—en hulle, maak hulle . . .

En toe vra ek—ek iemand anders, en hulle het gesê: "Ja, dis—dis iets wat hulle op hulle gesig gesit het."

89 En ek, toe ek by die huis kom, het ek my vrou daarvan vertel, en ek het gesê: "Skat, hulle het nie eens menslik gelyk nie. Sien? Dit het gelyk soos iets wat van 'n ander planeet afgekom het, of—of uit die lykshuis iewers geval het, of iets." Ek het gesê: "Ek het nog nooit so-iets gesien nie!"

90 En vandag, was ons daarbo, en daar het 'n dame soos daardie gesit, en—en Meda het rondgekyk, my vrou, en sy het gesê: "Is dit *daardie*, Bill?"

Ek het gesê: "Dis reg."

Sy het gesê: "Man, sal dit jou nie bang maak in die nag nie?"

Ek het gesê: “Dit sou my gee—dit sou my koue rillings en koors gee.” Dit sou beslis.

En sy het gesê: “Wel, hoekom is dit?”

91 Ons het gevra nie lank gelede nie, ek het ’n vreemde ding in ons stad gesien, ’n dame wat ’n romp aangehad het, en ek het gesê: “Is dit nie vreemd nie? Lyk sy nie mooi nie?”

“Ja, beslis.” Sy het gesê: “Bill, daardie, daardie vroue, ek weet party van hulle sing in kore, ensovoorts.”

Ek het gesê: “Sekerlik.”

Sy het gesê: “Wel, teenoor ons,” het sy gesê: “wat maak die verskil?”

92 Ek het gesê: “Wel, skat, hulle is net Amerikaners, jy sien, dis al wat hulle is. Wanneer jy in Duitsland is, het hulle ’n Duitse gees in Duitsland; gaan jy na Finland, hulle het ’n Finse gees; gaan jy na Frankryk, het hulle ’n Frankryk gees; as jy na Amerika toe kom, het jy ’n Amerikaanse gees.”

Sy het gesê: “Is ons nie Amerikaners nie?”

93 Ek het gesê: “O, nee, beslis nie, ons Amerikaners was, sou ons optree soos Amerikaners. Sien?” Ek het gesê: “Hulle is Amerikaners, so dis al wat hulle ken, hulle sluit iewers by ’n kerk aan, maar net, hulle is net aardsgebonde, en dis al wat hulle ken.” Sy . . . Ek het gesê: “Nou, sien . . . ”

Sy het gesê: “Waarvandaan kom ons?”

Ek het gesê: “Van bo af, dan tree ons op asof ons van daar bo af kom. Sien? Ons vroue trek aan asof hulle van daarbo af kom. Sien? Hulle—hulle tree so op. Hulle . . . ”

94 Ons is Christene, ons is wedergebore, ons Koninkryk is van bo, van die Hemel. Ons is gebore uit ’n Gees van daarbo, so ons maak asof ons van daarbo af kom, waar hulle heilig lewe, en regverdig, en eerlik, en opreg teenoor mekaar, elke mens goed behandel, en alles doen wat hulle kan om mekaar te help, nie hieronder in hierdie soort konglomerasie nie.

95 Net omdat jy Amerikaans is, maak dit jou nie ’n Christen nie. Mnr. Bosworth het eenkeer op die platvorm ’n meisie gevra, gesê: “Is jy ’n Christen?”

96 Sy het gesê: “Ek sal jou sê, ek brand elke aand ’n kers.” Asof dit enigiets te doen gehad het met Christelikheid! Maar dis hoe dit is. Sien?

97 O, as ons net meer tyd sou neem om ons kinders Bybelstories te vertel! Ek kan my voorstel ek kan na hierdie dorp toe gaan en elke klein seuntjie oplaai in hierdie dorp, en elkeen van hulle kan my sê wie Davy Crockett is, en ek wed daar is nie—daar is nie—daar is nie twintig uit ’n honderd wat my kan sê Wie Jesus Christus is, en wanneer Hy gebore is nie. Dis reg. O, sekerlik.

Sien, dis net—net die Amerikaanse gees wat deurbeweeg, dis al, sien.

98 En nou, vind ons dat, vandag, dis, ons het gesaai in die wind en ons maai 'n warrelwind, dis net presies wat ons doen. Nou, maar ons behoort ons kinders van Christus te leer.

99 Klein Johannes, sy moeder het hom van God geleer, en hy het gesê. . .

100 Julle weet, kyk, wanneer die ding kom, wanneer die ding gebeur, 'n goed-opgeleide kind, "Oefen 'n kind na die eis van sy weg, wanneer dit oud word, sal dit nie daarvan afwyk nie."

101 Nou, ons vind dat, deur hierdie kind groot te maak, sy Johannes reg grootgemaak het, "Sy het gesê: 'Johannes,'" en hy sou die storie onthou: "het gesê: 'Hoedat Jehova, hoe Hy vir Sy volk gesorg het, toe hulle almal eensgesind was, en die groot Vuurkolom gevolg het,' en gesê: 'Johannes, seun, eendag toe God Sy volk uit die slawerny uitgebring het, het Hy hulle in die woestyn ingeneem, en jy weet, Johannes, elke oggend sou hulle uitgaan en brood optel met heuning daarop, heuningwafels.'"

102 En nou, het hy gesê: "'Mamma, het God 'n hele groot klomp oonde daarbo in die Hemel? En het 'n klomp Engele wat hierdie brood elke aand bak en dit sou afgooi?'

103 "'Nee, Skat,' het sy gesê: 'God het nie oonde in die lug nie. Jy sien, God is 'n Skepper, en al wat Hy hoef te doen is net om te spreek, en Hy skep dinge uit dinge wat daar niks is om mee te skep, of, niks om dit uit te maak nie, sien. Hy net, Hy's die Skepper.'"

104 En toe het Johannes gesê: "Broers, vandag, toe ek Hom daar sien staan en brood neem en brood skep het, het ek geweet Hy moet een of ander verwantskap met Jehova hê. So ons weet dat die Man wat ons volg, hoewel die kerke sê dat Hy 'n bedrieër is, Hy 'n fortuinverteller is, 'n Beëlsebub, maar ek weet dat Hy Jehova is, want Hy tree op soos Jehova, en Hy doen die dinge wat Jehova doen, so ons weet dat Dit Jehova moet wees."

105 Nou, vandag glo party mense dit nie eers nie, party mense wil Jesus net 'n gewone man maak, 'n goeie man. 'n Tyd gelede, 'n vrou van 'n sekere denominasie en kerk wat nie glo dat Hy Goddelik was nie, sy het vir my gesê, sy het gesê: "Broer Branham, ek waardeer jou prediking, maar," gesê: "jy het te veel klem geplaas op Christus wat Goddelik is," gesê: "hy was nie Goddelik nie, hy was 'n mens."

Ek het gesê: "Maar Hy was Goddelik."

Sy het gesê: "O, hy was 'n goeie man, en hy was 'n profeet."

Ek het gesê: "Hy was meer as 'n profeet, Hy was God; enigiets minder as dit, is ons verlore."

En sy het gesê: "O, nee, hy—hy kon nie Dit wees nie."

Ek het gesê: "Hy was Dit."

En sy het gesê: "Jy het gesê jy was 'n fundamentalis, en jy het net gepraat waar die Bybel praat, ensovoorts."

Ek het gesê: "Dis waar."

Sy het gesê: "As ek vir jou sal bewys met jou Bybel dat hy niks anders as 'n man was nie, sal jy dit glo?"

Ek het gesê: "As die Bybel so gesê het, maar jy kan dit nie bewys nie." Sien? "Maar die Bybel sê dit nie."

106 Sy het gesê: "Goed, ek sal dit vir jou bewys." Gesê: "In Johannes die 11de hoofstuk by die dood van Lasarus, het die Bybel gesê dat Jesus, wat na sy graf toe gegaan het, gehuil het." En gesê: "Jy sien, dit het hom net 'n man gemaak.

107 "Wel," het ek gesê: "Hy het beslis gehuil." Ek het gesê: "Maar Hy was meer as 'n mens," het ek gesê: "dit was die Man wat gehuil het, maar God was in Hom."

En sy het gesê: "O, nee, hy kon nie huil en Goddelik wees, soos jy sê hy is nie."

108 Ek het gesê: "Dan wil ek vir jou iets vra. Ek sal erken dat Hy gehuil het toe Hy na die graf van Lásarus gegaan het, maar toe Hy Sy skouertjies regop getrek, gesê het: 'Lásarus, kom uit, en 'n man wat dood was en in die graf was en alreeds verrot het, het begin lewe, het dit meer as 'n mens gekos om dit te doen, Dit was God wat dit gedoen het." Ja, meneer.

109 Ek het gesê: "Waar, toe Hy van die berg afgekom het daardie nag en honger was, gekyk het, of, daardie dag honger was, op soek na iets om van daardie vyebome te eet, was Hy—was Hy 'n Man toe Hy honger was, maar," net hier, waarvan ek gepraat het: "toe Hy daardie vyf broodjies en twee vissies geneem, en hulle gebreek, en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n mens, dit was God." Dis reg. Sekerlik.

110 Hy was 'n man toe Hy daardie aand in daardie boot gelê het, so moeg, krag het van Hom uitgegaan om die siekes te genees, Hy was so moeg dat die groot, magtige golwe Hom nie eers wakker gemaak het nie, waar daar . . . Wel, ek stel my voor daardie ou bootjie was daarbuite rondgeslinger soos 'n bottelprop daarbuite op daardie magtige see, tienduisend duiwels van die see het gesweer hulle sou Hom daardie nag verdrink. Hy was 'n man, wat daar gelê het, moeg, maar toe hy eers wakker geword het, Sy voet op die rand van die boot gesit en gesê het: "Swyg, wees stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was Dit meer as 'n mens, Dit was God.

111 Hy het uitgeroep om genade aan die kruis, soos 'n man, dis reg, maar op Paasoggend, toe Hy die seëls van die dood gebreek het, die graf teruggerol, opgestaan, en opgevaar het in die Hoogte, was Dit meer as 'n mens. Geen wonder die profeet het gesê, of, die digter het gesê nie:

Deur te lewe, het Hy my liefgehad; deur te sterwe, het Hy my gered;
Deur begrawe te word, het Hy my sondes ver weggedra;
Deur op te staan, het Hy vir ewig vrylik geregverdig:
Eendag kom Hy—o, glorieryke dag!

112 Hy het die harte van mense verbly. En elke man of vrou wat ooit hoegenaamd enigiegts werd was in hierdie lewe, Abraham Lincoln, George Washington, wie dit ook al mag wees, het dit geglo, al die digters deur die jare. Blinde Fanny Crosby het gesing:

Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
Hoor my nederige geroep;
Terwyl U ander roep,
Moenie by my verbygaan nie.

U die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel behalwe U?

113 Toe Eddie Perronet, toe hy nie sy liedjies kon verkoop, en nie een van hulle wou na hom luister nie, ’n Christenman op die punt om te sterf, het die Heilige Gees eendag op hom geval, hy het ’n pen gegryp en die baccalaureuslied geskryf. Hy het gesing, die lied geskryf:

Begroet die krag van Jesus’ Naam!
Laat engele laag neerval;
Bring uit die koninklike kroon,
En kroon Hom Here van alles.

114 Amen. Amen. O, sekerlik, Hy was meer as ’n mens, Hy was God. Dis reg. Hy was nie Jood of Heiden nie, Hy was God. Daardie Bloedsel het gekom van die manlike geslag wat God was. God het ’n Bloedsel geskep in die skoot van die maagd Maria, en deur daardie Bloedsel het die Seun van God voortgekom. God het daarin gewoon, onbesmette Bloed, geen seks het hoegenaamd daaraan geraak soos daardie nie. En deur daardie Bloed gee ons geloof om met vrymoedigheid te stap na die troon van God en aanspraak te maak op enige belofte wat in hierdie Bybel is, want God het die belofte gemaak. Dis reg. Ja.

115 Die ou aanbidders van die Ou Testament het ’n lam gebring, hulle hande daarop gesit, hulle het ’n haak geneem en sy keeltjie afgesny, en dit het geskop, en geblêr, en sterwend, en die bloed wat oor die aanbidder se hande gespuit het, het hy geweet dat daardie lam geterf het in sy plek. Maar hy het weer uitgegaan met dieselfde begeerte wat hy gehad het toe hy ingekom het, want die lewe wat in daardie bloedsel van die lam was, was ’n dierlike lewe wat nie ’n siel gehad het nie, daarom kon dit nie terugkom

op die aanbidder nie. Maar nou het die aanbidder wat eenmaal gereinig is met die Bloed van Christus, geen gewete meer, of geen begeerte vir sonde meer nie.

116 Wanneer 'n man, deur geloof, kom na daardie Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, deur geloof, sy hande lê op die voete van die Seun van God en oorkant na Gólgota toe kyk, en al die lyding ken wat Hy gedoen het, Hy het dit vir hom gedoen, dan is daardie Bloedsel wat gebreek is op Gólgota, nie 'n dier nie, dit was ook nie 'n mens nie, dit was God se Eie Bloed wat dit terugkom en nuwe geboorte gee. Daardie Gees wat daar uitkom, kom in die menslike gees in en maak hom 'n seun of dogter van God. Amen. Dis die nuwe geboorte. Dis die Evangelie as ek enigiets daarvan weet.

117 Die Sel wat daarin was, God het Homself geskep met Sy Eie Self, Hy het afgekom as 'n klein Babatjie, Jehova, en is gebore in 'n stal bo-oor mis, en—en dit behoort treffend te wees vir die mense, klein Jehova wat lê, huil in 'n stal. O, goeiste! En ons dink ons is *iemand*, want. . . O, goeiste! Jehova wat soos 'n kind speel, Jehova wat soos 'n man werk, Jehova wat soos 'n man sterf, maar Hy was Jehova toe Hy weer opgestaan het, Hy het bewys Hy was Jehova. Sekerlik, Hy was. Ja, meneer. Ja.

118 Johannes het gesê: "Ek het geweet dat Dit Hy was, ek het die dinge gesien wat Hy gedoen het, ek weet dat niks behalwe Jehova dit kon doen nie." Gesê: "Ek is tevrede, broers. Ek sal my getuienis insit."

119 Julle weet hulle het 'n getuienisdiens gehou hierbuite op die see, dis 'n goeie plek om een te hê. Almal, julle weet wanneer almal getuig, wel, kom die Here af en seën hulle gewoonlik, julle weet. So hulle het 'n getuienisdiens gehou, terwyl hulle gewag het, gedryf het. Ek wens net ons kon een hê, vanaand, ons sal 'n getuienisdiens hier gee. Kom ons luister na hulle s'n vir 'n paar minute, soos hulle dryf. En jy in jou klein bootjie, soos jy die lewe se plegtige see bevaar:

> Getuig, sing, of bid,
> En soos brood op die water,
> Sal dit eendag na jou toe terugkeer.
>
> Spreek 'n woordjie vir Jesus, (Doen iets.)
> Getuig, sing, of bid.

120 Ja, doen iets vir Hom, terwyl ons oor die lewe se groot see seil. "'n Verlate en skipbreuk broer, wat dit sien, sal weer moed kry," het Longfellow gesê. Ja. Terwyl ons oor die lewe se groot see seil, laat ons ons getuienis gee. Laat ons iets doen, dat ons voetspore sal los op die sand van tyd. Voetspore wat miskien nog 'n, ja, 'n verlate en broer wat skipbreuk gelei het, deur te sien wat ons gedoen het, weer sal moed skep, nog 'n keer sal probeer. Hy het gesien waar iemand arm en gebrekkig was, hy het 'n poging

aangewend en op die beloftes van Christus gestaan en ’n soldaat van die kruis geword.

121 Laat ons voetspore maak; voetspore is besitreg. God het vir Josua gesê: “Oral waar die sole van jou voete trap, dit sal Ek vir jou gee.” Voetspore het besitreg beteken: “Gaan en kry dit, dis joune.” Elke belofte in die Boek, alles wat God ooit belowe het, is joune.

122 Nou, Hy gaan net nie die huis uitvee, en sê: “Gaan kry dit nie.” Hy het gesê: “Ek het vir julle Palestina gegee,” maar hulle moes elke duim van die pad veg. Dis reg. En elke duim van die, elke keer wat God ’n belofte maak, sal jy elke duim van die pad veg, neem net die swaard van die Gees en die Woord en kap elke duiwel en ongeloof van jou af weg. Sny die ankertoue los wat jou anker aan die wal, en “Gaan uit in die diepte en laat sak die net vir die trek.” Amen.

123 Ek amen nie myself nie, maar *amen* beteken: “Laat dit so wees,” en ek glo dit. Ja. Ja, meneer. Party mense is bang vir *amen*, iemand is bang vir *Halleluja*. *Halleluja* is ’n Hebreeuse woord wat beteken: “Prys ons God.” Amen. Hy’s al die lof waardig.

124 Nou, Johannes het gesê: “Ek is seker Dit was Jehova.”

125 Julle weet, en Petrus kon net—kon net nie langer daar sit nie, so hy—hy moes sy getuienis gee, wel, hy het nou gesê: “Reg op hierdie selfde see, broers, wil ek my getuienis byvoeg.” Laat ons ’n paar minute na hom luister, wat getuig:

126 Petrus het gesê: “Ek sal julle vertel wat gebeur het. Toe ek ’n klein seuntjie was, het Mamma en Pappa altyd daar op daardie oewer gestaan, daar onder net waar ons bote was. My vader was ’n—’n belangrike man, hy was ’n Fariseër daar in die kerk, en—en hy was ’n baie stoere gelowige. En hoe ons altyd daar gekniel het toe ons nie brood gehad het nie, en ons God sou vra om vir ons ’n vangs visse te gee, het Hy ons nooit gefaal nie, ons sou die visse gaan kry en inkom. Pappa het vir my gesê om God te glo, om elke Woord te glo wat God gesê het, elke belofte is waar, so ek het dit altyd geglo, broers.

127 “En toe het Pappa vir my gesê eendag toe hy oud geword het en sy hare grys was, het hy bewerig geraak, so hy het my voor op die—op die boot gesit eendag na ’n groot vangs, en hy het gesê: ‘Simon, sien jy wat Jehova ons vandag gegee het? My seun, jy moet Hom nooit vergeet nie.

“O,” sê hy: “ek kan Pa se ou getuienis onthou.”

128 Baie van julle mense kan iets soortgelyks onthou, hoe julle ou vader en moeder julle altyd laat sit het en met julle gepraat het oor God en saam met julle gebid het. God, gee ons meer mense soos daardie en ons sal ’n ware Amerika hê, laat hulle sit en praat met hulle, en hulle vertel van die dinge van God.

129 Hy het gesê: “Eendag, terwyl hy my laat sit het, het hy gesê: ‘Simon, ek het altyd gebid dat ek die Messias sou sien kom.’ Maar gesê: ‘Ek word nou oud, ek veronderstel ek sal Hom nie sien nie. My vaders het na Hom gesoek, en ons het al van lank af, ons ’n volk geword en Hom geken het, het ons uitgesien na Hom wat sou kom. Maar ek reken ek sal Hom nie sien nie, Simon, maar miskien sal jy in jou geslag. Simon, net voor Hy kom, sal daar ’n groot saamtrek van alles wees, ons weet, maar,’ gesê: ‘Simon, jy moet nooit mislei word nie.

130 “‘Nou, wanneer die Messias kom, wil ek hê jy moet dit onthou: Ons Hebreërs, en Hy’s die God van die Hebreërs, en ons Hebreërs word geleer dat wanneer Messias kom, Hy ’n Profeet sal wees, want Moses het gesê: “Die Here julle God sal ’n Gesalfde oprig, ’n Profeet, soos ek.” En nou, Simon, wanneer Hy kom, mag daar manne opstaan en groot dinge doen, maar onthou jy hierdie een ding, daar mag groot leraars opstaan, daar mag groot geleerdes wees, daar mag groot kerkdenominasies wees, daar mag groot dinge wees, maar, Simon, Simon, my seun . . . ’

131 “En ek kan hom sien,” hy het gesê: “hy het sy hand op my kop gesit, en gesê: ‘Simon . . . O God, laat my seun nie mislei word nie! Maar, Simon, onthou, dis ’n Skrif wat sê dat Hy ’n Profeet sal wees, jy moet dit nie vergeet nie.’”

Ek kan hom hoor sê: “Ek kan net dink aan hoe my ou pappa my daar geseën het. En hy het gesê: ‘Simon, jy sal dit weet.’”

En hy het gesê: “Broers, eendag het Andréas na my toe gekom en Andréas het gesê: ‘Sê, weet julle wat? Ons het die Messias gevind!’

“‘O, nou, komaan.’

“‘Kom net, jy behoort te sien wat Hy vanmôre gedoen het. Kom maar net.’

132 “Wel, ek het hom gevolg. En sodra ek in die Teenwoordigheid van hierdie Jesus gekom het, weet julle wat gebeur het? Net toe ek in Sy Teenwoordigheid gekom het, het Hy my reg in die gesig gekyk en gesê: ‘Jou naam is Simon, en jy is die seun van Jona.’

133 “Nie net het hy my geken nie, maar hy het daardie ou pappa van my geken, so dit het dit vir my afgehandel, Hy was Messias.” Ek kan hom net sy hande sien opsteek en God loof.

134 Filippus het gesê: “Jy weet, Broer Natánael, is dit in die haak?”

“Ja.”

135 “Simon, toe jy opgekom het daardie dag, en dit het dit afgehandel vir my, ook, toe ek daar gestaan en ek daardie Jode daarbuite gehoor het, ons mense, wat sê: ‘Daardie man is ’n fortuinverteller, hy’s Beëlsebub, hy’s ’n duiwel, dis wat hy doen,’ maar vir my, was dit afgehandel, Dit was Messias, ek het dit geweet. Nou, Hy hoef niks vir my te gedoen, of my enigiets te

vertel het nie, ek het Hom dit vir ander sien doen, so ek het dit geglo.

136 "En so, was ek en Natánael goeie vriende vir soveel jare, ons het saam kerk toe gegaan van klein seuntjies af. En ek het om die berg gehardloop en hom onder 'n boom gevind, besig om te bid, en toe ek vir hom gesê het: 'Kom kyk Wie ek gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef,' onthou jy, Natánael, wat jy vir my gesê het?"

"Ja, ek het dit gesê: 'Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?'"

"En sê dan vir die broers, wat het ek vir jou gesê?"

"Wel, jy het gesê: 'Kom kyk.'" Wel, dis 'n goeie ding.

"Is jy bly jy het gekom?"

137 "Ek sal jou nooit vergeet nie Filippus, ek sal jou nooit vergeet nie. Toe ek gekom het, het Filippus aangehou om vir my te sê . . . " Hy het ingeloop met 'n getuienis van hoe . . . voor Filippus, en gesê: "Filippus het aangehou om my te vertel dat hierdie Man dit vertel het, Simon hier, wat ek geweet het nie enige geleerdheid gehad het nie, en vir hom gesê het dat sy naam Simon was, en hom 'n ander naam van *Petrus* gegee het, en gesê dat sy vader se naam Jona was. En ek het beide Simon en Jona geken, ek het vis gekoop by albei van hulle, so ek het geweet dat dit so was.

138 "So ek het gesê: 'Ek gaan na die diens toe, en ek sal net na hierdie Kêrel kyk en kyk of dit Messias is.' Ek weet dat, wanneer die Messias sou kom, Hy beslis 'n Profeet sou wees.

139 "So toe, toe ek na Hom toe gestap het, weet julle wat gebeur het, broers? Sodra ek in Sy Teenwoordigheid ingestap het, het Hy gesê: 'Aanskou 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie.'

"En ek het gesê: 'Rabbi,'" *eerwaarde*, *leraar*, julle weet: "'wanneer het U my ooit gesien?'

"Hy het gesê: 'Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.'"

Gesê: "'Dit het dit afgehandel vir my.'"

140 Filippus het gesê: "Nou, wag net 'n bietjie, broers. Onthou julle daardie tyd wat ons onder in Jérigo was?"

"Ja."

"Onthou jy daardie kêreltjie, Saggéüs?"

"O," het die broers gesê: "ons sal dit nooit vergeet nie."

141 Hulle het 'n lekker tyd gehad daarbuite van getuienis, net donker geword, julle weet, miskien lank teen hierdie tyd. En hulle, en sê . . . O, het net 'n wonderlike tyd gehad.

So hy het gesê: "Onthou julle toe ons daaronder was, daardie kêreltjie, Saggéüs? Onthou julle toe hy daaronder getuig het by die middagete daardie dag?"

"Ja, ja, ek onthou dit."

"Onthou julle vir Bartimeüs?"

"Ja, ek onthou."

142 "Nou ons onthou dat Saggéüs 'n vrou gehad het, en haar naam was Rebekka, en sy was 'n lieflike gelowige in die Here Jesus. So, sy het gebid dat haar man, wat was. . .Een van die groot steunpilare bo in die kerk was Rabbi Lavinski." Ek hoop daar's niemand hier met daardie naam nie, maar dis net 'n fiktiewe naam wat ek net vir my storie gee.

143 "Gesê dat hy die groot steunpilaar in een van die kerke was, so Rabbi Lavinski het vir hom gesê, gesê: 'Nou, wag net 'n bietjie, jy moenie daardie onsin glo nie. Daardie vrou van jou is net 'n bietjie opgewonde, daardie kêrel is geen profeet nie, ons het vir honderde en honderde en honderde jare nie profete gehad nie. Jy moenie dit glo nie, dis 'n klomp fanatisme, soos daardie wilde man wat almal daaronder in die Jordaan probeer verdrink het, Johannes; Herodus het sy kop afgekap. Hierdie kêrel sal kom tot 'n—tot 'n einde kom een van hierdie dae. Jy moenie daardie goed glo nie.'

144 "En julle onthou Saggéüs het gedink die rabbi was reg, want hy is geleer om te glo dat sy rabbi presies reg was. Nou, ons vind dit uit, julle weet, maar Rebekka het ons almal gevra om vir Saggéüs te bid. En ons het almal gebid, want ons het geweet ons Meester sou eendag soontoe gaan om 'n diens te hou.

145 "So ons het soontoe gegaan om die diens te hou daardie oggend, en Rebekka het vir ons gesê dat Saggéüs baie rusteloos geraak het. En sy het heelnag vir hom gebid, dat hy in staat sou wees om Jesus die volgende dag te sien, want sy het geweet daar sou sommige vir Hom en sommige teen Hom wees." Dis hoe dit is in elke diens.

"So, so, gesê hy het, soontoe gegaan, so vroeg in die oggend het hy opgestaan en homself klaargemaak en sy beste kleed aangetrek, en hy het uitgegaan.

"Sy het gesê: 'Saggéüs, waarnatoe gaan jy?'

"'Net uit om bietjie lug te skep vanmôre, ek voel 'n bietjie bedompig, ek het nie goed geslaap gisteraand nie.

"Sy het omgedraai, gesê: 'Dank U, Here, dank U. U werk met hom, U werk met hom.'"

146 Dis wat ons behoort te doen, julle vroue bid vir julle mans soos daardie, julle sien, so, en julle mans bid vir julle vrou, ook, en nou, bid julle kinders vir julle wederstrewige ouers, ook, terwyl julle dit doen, julle sien.

147 So toe, hulle. . ."Hy het afgegaan in die straat, het hy ons vertel, en hy het daar gestaan, reg onder by die poort, want hy het geweet Jesus kom van Jérigo af. So hy het gesê. . .toe hy—hy,

afgekom het, uh, afgekom het van Jerusalem na Jérigo, van die berg af.

148 "So toe, toe ons na die poort toe gegaan het, hy was 'n klein kêreltjie, julle weet, so hy kon nie, hy—hy kon nie kyk oor die mense nie, hy was 'n klein kêreltjie. So hy het afgehardloop na 'n ander straat met die naam van Halleluja Laan, net waar Glorieweg daarin loop, en daar was 'n. . . " Dis waar jy Jesus altyd vind, in Halleluja Laan by die Glorieweg, so hy het geweet Hy sou ook daar verbygaan, dis hoe ek, enige van ons Hom vind, op daardie pad.

149 "So hy het daar afgekyk en hy het gesê: 'Jy weet wat? Hy sal hier verbykom, maar jy weet daardie selfde skare gaan saam met Hom waar Hy ook al gaan.'" Dis reg, dis reg, dit gaan saam met Hom waar Hy ook al gaan. "'En dan, sal hulle hier wees, so ek sal dan net so klein wees as wat ek nou is, so dit sal my net niks meer hier baat, as wat ek by die poort sou staan nie.'" Want hulle het aan die heinings daaronder gehang, en oor die muur, om vir Hom te wag. "'So jy weet wat? Ek dink ek sal in hierdie boom opklim hier, en dan kan ek Hom sien.'

150 "So hy gaan soontoe en kry die vullisdrom en dra dit soontoe en sit dit neer, skarrel teen die boom op, julle weet, klim daarin. En hy het gekry waar twee takke vurk sodat hy vir hom 'n goeie sitplek kon maak, gaan sit," (Dis 'n goeie plek om te sit en daaroor te dink, broer, waar twee paaie ontmoet, joune en God s'n.) "dink daaroor, sit daar op die tak.

151 "En gesê dat hy daar gaan sit het, en hy het begin sê: 'Nou, hoe sal ek weet wanneer Hy kom? Wanneer Hy verbykom, sal Hy daar omgaan, van Glorieweg af daar, afkom in Halleluja Laan, en wanneer Hy hier draai, sal ek mooi na Hom kyk, want Hy sal in die middel van die straat wees wanneer Hy verbykom, en sommige van daardie mense wat almal van Hom af weghou, sal ek mooi na Hom kyk. Jy weet, Rebekka het vir my gesê dat Dit was, daardie Man 'n Profeet was, dat Hy net kon. . .Hy regtig Messias was. Nou, as Hy 'n profeet is, is Hy Messias, maar Lavinski het vir my gesê dat Hy geen profeet was nie, Hy was net 'n voorgeër, Hy's net 'n voorgee profeet.

152 "'En toe ook vanmôre, het 'n priester afgekom van daarbo by Jérigo, die hoof van die predikersvereniging was, en hy het hiernatoe gekom om te sien dat hulle geen genesingsdiens hier sou hê nie, so hy het daardie ou blinde man weggejaag van die hek daarbuite wat gebedel het, ou Bartimeüs, jy sien. So hy's hierbinne om te sorg dat hulle geen genesingsdiens hierrond onder hierdie mense hou nie. So ek reken dis net 'n klomp fanatisme, in elk geval, so ek sal hier sit.

153 "'Nou, wag 'n oomblik, wat as Hy om daardie hoek kom? Hy sou my sien sit hierbo in hierdie boom. Ek is redelik hoog op, maar jy weet, as ek 'n paar van hierdie groot blare sal aftrek soos

hierdie, en myself soort van kamoefleer, sal Hy my nooit sien nie. En ek sal na Hom kan kyk wanneer Hy verbygaan, dan sal ek teruggaan en vir Rebekka alles van Hom vertel, ek sal hulle vertel dat daar niks aan daardie Kêrel is nie. Ek weet net ek gaan Hom nie glo nie, nee, meneer. So, Hy gaan my nie sien nie; en ek wat hierbo sit met hierdie vuilgoed oraloor my, in elk geval, van die vullisdrom.'"

154 Julle weet, wanneer jy is, wanneer jy 'n idee kry om Jesus te ontmoet, sal Hy jou van die domste dinge laat doen, Hy sal—Hy sal net al jou aansien ruïneer. Jy dink jy sal nie skree, en huil, en *boe-hoe* nie, maar jy sal as jy Hom wil sien, sal jy—sal jy net enigiets doen om Hom te sien. Dis reg.

155 "So daar het hy gesit, gesê: 'Wat as my, sommige van my mededingers verbykom, en my hierbo sien sit? So ek sal myself net baie goed kamoefleer, sodat niemand my sal sien nie. So hy het al die blare om hom afgetrek en die takke om hom gesit sodat niemand hom kon sien nie." En hy het een blaartjie gelos vir 'n deur, o, miskien iets soos *hierdie*, en hy het dit hier gelos, en hy kon dit aftrek, kyk en sien wanneer Hy kom, dit dan weer optrek.

156 "Hy het gesê: 'Ek—ek sal Hom sien, en dan sal ek weet wanneer ek na Hom kyk, kan ek sê Hy's 'n bedrieër. Hy's niks meer as enige ander mens nie, dis al. En ek sal vir Rebekka sê wanneer ek teruggaan: "Bly weg van so 'n bedrieër soos Daardie," dis al.'

157 "Naderhand het daar 'n geraas gekom." Vreemde ding, oral waar Jesus is, is daar 'n klomp geraas, ek weet nie hoekom dit is nie, maar dis—dis 'n teken dat daar Lewe daar is. Julle weet toe die priester in die hoë . . . heilige plek ingegaan het, het hy 'n granaat en 'n klokkie gehad, hy moes 'n geraas maak sodat die mense kon verstaan hy lewe nog. Ek dink party van hierdie kerke moet begrawe word, hulle is al 'n lang tyd gelede dood, jy hoor glad nie enige geraas nie. Dis soos 'n lykshuis in plaas van 'n—'n lewendige plek, 'n plek wat aan die brand is vir God.

158 "Toe gesê: 'Ek sal nou hieragter sit en ek sal Hom dophou.' En net omtrent daardie tyd, het hy 'n geluid hoor kom, hy het om die hoek gekyk, hy het gesê: 'Uh-huh, Hy sal kom.'

159 "Hy het hierdie yslike groot visserman daar sien uitstap, hulle opsy stoot, 'Ek's jammer, mense, ons—ons—ons Broer is baie, baie, uh, ons Here is baie, baie moeg, Hy was heelnag buite. Hy is op Sy pad hiernatoe om 'n paar vriende van Hom te sien. Ek's jammer, ons sal net nie tyd hê nie,' baie gaaf.

"En die apostels het gekom: 'Ek's jammer, ons moet dit doen,' baie hoflik.

160 "En—en so, ek reken Saggéüs moes gesê het, hy het vir hulle gesê: 'Julle weet, dis 'n vreemde dingetjie, maar daardie manne is hoflik.'" Julle weet, enigiemand wat die Here Jesus dien, is 'n heer, sien, so dan, in hoflikheid.

161 "So toe, naderhand, het Hy om die hoek gekom, hy het gesê: 'Weet jy wat? Daardie Kêrel lyk 'n bietjie anders. Ek—ek net, Hy. . .'" Julle weet, niemand kan ooit na Jesus kyk en ooit dieselfde wees nie, jy sal 'n groter kritikus wees, of 'n beter mens, dis al, sien.

162 "So hy het gesê, Hom dopgehou, hy het hierdie blaar gehad, gesê: 'Nou, Hy sal my nooit sien nie, Hy sal my nooit sien nie. Nou, Rebekka het gesê Hy is 'n Profeet. So, Hy sal my nooit sien nie.'

163 "En hy het Hom net dopgehou totdat Hy reguit afgekom het soos *daardie*. Jesus het aangekom met Sy kop omlaag, geloop soos Hy gewoonlik het met Sy gewone pas, reg onderdeur die boom geloop, en opgekyk, en gesê: 'Saggéüs, kom af, Ek gaan huis toe saam met jou vir middagete.'

"Onthou julle wat Saggéüs gesê het? Dit het al die styfheid uit hom uitgehaal. Ja, meneer. Want hy het geweet Hy is 'n Profeet.

164 "En onthou julle?" Filippus het gesê: "Onthou julle broers, toe ons by die poort uitgegaan het, en ons, daardie ander getuienis wat ons buitekant die poort gekry het? Daar julle weet, het hulle 'n geraas hoor aankom, toe Bartimeüs vir ons getuig het, hy het gesê hy het daar gesit en droom van Bybelstories wat sy ma vir hom vertel het toe hy 'n klein seuntjie was, net soos waarvan Johannes getuig, en gesê het hoe moeder hom vertel het hoe groot Jehova is, en hoedat reg langs daardie selfde pad, daardie keistene waar hy gesit het, dat Elisa en Elía gekom het, ingehaak reg langs daardie pad af, op pad om die Jordaan te gaan oorsteek." Amen!

165 "'O, as ek in daardie dag sou gelewe het, sou ek uitgehardloop het na hulle toe en gesê het: "O, profete van God, wees genadig en bid vir my," en die Here sou my oë oopmaak. Maar, helaas, die rabbi sê vir my, die priester, dat die dae van wonderwerke verby is.'

166 "'En ek onthou dat Josua toe die rivier oorgesteek het,' het Bartimeüs gesê—gesê: 'die rivier oorgesteek het, nie vyfhonderd treë van waar ek sit nie, en die groot Josua, God, het die waters terugbeweeg in die maand van April toe dit omtrent 'n myl wyd oor die vallei hier was, en dit terugbeweeg, en stilgestaan het, en die waters het op hulle plek gebly, bo in—in—in die berge. Die sneeuwaters het op sy plek gebly terwyl twee-en-'n-halfmiljoen Israeliete oorgemarsjeer en kamp opgeslaan het.'" O, goeiste!

167 "'As ek toe net hier gesit het! En ek sit op die rotse, net hier vanmôre,' het hy gesê: 'wat geval het toe Josua, hulle die basuin geblaas, en God die mure platgeslaan het, en Ragab, die hoer, se huis gestaan het, omdat sy geglo het.

168 "'En toe Josua, eendag toe hy buite was, die groot man, wat rondgeloop het, deur die velde gekyk het, gesien hoe die groot. . .

die situasie bekyk het, hy ’n Man sien staan het met Sy ontblote swaard, en Josua sy swaard uitgetrek, hy Hom tegemoetgegaan het, hy het gesê: “Is U met ons, is U vir ons vyande?”

“‘Hy het gesê: “Ek is die Leërowerste van die Here.”

“‘Josua het sy helm afgegooi, en sy skild neergegooi, sy swaard laat val, en op sy knieë geval.

169 “‘O,’ het blinde Bartimeüs gesê: ‘as ek toe net daar was, sou ek na daardie groot Hoofkaptein toe gehardloop en gesê het: “Hoofman van die leërskare van die Here, wees my genadig, ’n blinde man.” Ek sou my sig ontvang het.’” Min het hy geweet dat binne ’n honderd treë van hom af, daardie selfde Kaptein aangekom het, wat na die poort toe geloop het.

170 O, as hierdie Kerk kon besef, vanaand, daardie selfde Kaptein: “Ek sal julle nooit begewe of julle verlaat nie. Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld. En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. ’n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien,” die uitverkore Kerk: “julle sal My sien, want Ek sal met julle wees. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, tot die einde van die voleinding, die wêreld,” orde van die wêreld.

171 Nou let op, en hy het gesê: “Onthou julle wat blinde Bartiméüs getuig het? Toe Hy verbygekom het, het hy gesê al die mense het geskree en sommige het geskree: ‘Weg met daardie bedrieër!’ En hulle het Hom met vrot eiers en oorryp tamaties gegooi. Nou, hy het gesê hy kon daardie priester hoor sê: ‘Haai, jy wat die dooies opgewek het! Jy sê vir my hulle het die dooie man genaamd Lásarus opgewek, ons het ’n begraafplaas vol van hulle hierbo, kom en wek sommige van hulle op, ons sal jou glo.’”

172 Sien, daardie selfde ou duiwel? Dieselfde een het na Hom toe gekom, gesê: “As U die Seun van God is, doen iets hier voor my. Het jy . . . ? Daar’s sekere kerke wat dit wil weet.”

“Ons het ’n blinde man wat op die hoek sit, gaan gee hom sy sig, julle Goddelike genesers.”

“Ek het ou Broer *So-en-so* wat potlode verkoop hieronder, kom genees hom.”

Onthou net dis daardie selfde ou duiwel wat gesê het: “As U die Seun van God is, beveel hierdie klippe om in brood te verander.”

173 Eendag het hulle ’n ou lap om Sy kop gesit soos *daardie* en dit om Hom gedraai, en ’n stok geneem en Hom op die kop geslaan in Pilatus se voorhowe, en gesê: “As jy ’n profeet is en die geheime van die harte kan ken, as jy die Messias is, en as jy ’n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het.” Hy het nie Sy mond oopgemaak en ’n Woord gesê nie. Hy vermaak nie mense nie, God vermaak nie mense nie, Hy sê net: “Ek doen niks totdat die Vader My wys

nie. Wat Ek die Vader sien doen, dis wat Ek ook doen," Johannes 5:19.

174 "En julle onthou, Bartiméüs het vir ons gesê," het Filippus gesê. . . [Leë kol op band—Red.] "'. . .?. . . dat ons Saggéüs hoor getuig het by die middagete, 'n rukkie gelede, van wat Hy vir hom gesê het, en geweet het hy was in 'n boom bokant Hom, en geweet het sy naam was Saggéüs, en hom uit die boom geroep en saam met hom huis toe gegaan het vir middagete. Saggéüs steek net die stad aan die brand daarmee. Ken jy nie die Skrifte nie, meneer?

"'O, ek onthou toe ek 'n klein seuntjie was, het my ma altyd die Boekrolle vir my gelees. Maar Wie is hierdie waarvan jy praat? Jesus Wie?'

175 "'Jesus van Násaret. Hy's 'n Galilese Profeet, noem hulle Hom, maar eintlik, is Hy die Messias. Hy doen die teken van die Messias, Hy is die Profeet. Wel, jy weet die—die Messias sal 'n Profeet wees."

"Sekerlik. Wel, hoe het jy Hom geken?"

"Ek's Sy dienskneg."

176 Julle weet, al Jesus se diensknegte, die damesdiensknegte is vriendelik, en die manlike diensknegte is vriendelik, neem die siekes en beproefdes in ag. Wanneer die diens in die stad kom, skakel hulle almal en probeer hulle sover kry om te kom. Hulle, julle weet, hulle—hulle probeer iets doen, hulle het mense lief, Jesus se ware dissipels. Glo julle dit nie? Ek hoop hierdie gaan in.

177 "So toe, voor jy jou kom kry, vir hom gesê, gesê: 'Wel, sekerlik, ja, ek—ek—ek, sien, ek is Sy dissipel. En so, ek en Suster Rebekka het gebid, dat—dis Saggéüs' . . .' Gesê: 'Ken jy vir Saggéüs?'

"'O, ja, hy het al voorheen vir my muntstukke gegee. Wel, daardie. . . En waar is Hy?'

"'O, Hy gaan nou ver in die pad af.'

"Hy gaan: 'O, o!' Hy het sy jas neergegooi, en geskree: 'O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig! Wees my genadig!'

"Party van hulle het gesê: 'Bly stil, gaan sit, hou op om soveel geraas te maak.' Sien?

"'O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig.'"

178 Nou, menslik gesproke, kon Hy hom nie gehoor het nie. Hy, as julle sien waar die poorte is waar hy gesit het en waar Jesus was toe die wonderwerk gedoen is, is omtrent driehonderd-en-vyftig jaarts. Sien? En daardie hele skare wat daar gevolg en geskree het: "Gegroet, gegroet sy die—sy die Koning van die Jode!" Of een of ander vloekwoord. Ander het geskree: "Hosanna, aan die Profeet!" En alles gesê, Hy het dit nooit gehoor nie. Maar Hy het gesê. . .

179 Ek kan my net voorstel om Bartiméüs op sy knieë te sien sak en sê: "O Jehova, ek het aan U gedink." Dis wanneer Hy verbykom, is wanneer jy aan Hom dink. Hou op dink aan die dinge van die wêreld, en wie die volgende filmster gaan wees, of selfs die volgende President, en dink Wie die komende Christus is, dan sal jy Hom seën.

180 "'O, o, Jesus, U Seun van Dawid, Here Jehova God, as Dit U Seun is, as Hy die Seun van Dawid is, as dit die Profeet is, wel, kan U met Hom praat. O wees my genadig, wees my genadig.'"

181 En Jesus, met die sondes van die wêreld op Sy skouers, Hy was op pad na Jerusalem om gekruisig te word. O God, die sonde van elke man en elke vrou wat ooit gelewe het, of ooit sou lewe, het op Hom gerus, die las of ons gered sou word, die las van hierdie diens vanaand, was op Sy skouers, maar die geloof van een blinde bedelaar het Hom gestop, die Bybel het gesê Hy het gestaan. Wens ek het net 'n paar weke gehad om hier te bly, ek sou graag wou preek oor *En Toe Het Hy Gaan Staan, Jesus Het Stil Gaan Staan*.

182 Een geloof van 'n bedelaar het Hom gestop, en Hy het stil gaan staan. Wat het dit gedoen? Sy geloof het Hom aangeraak, net soos die vrou wat Sy kleed aangeraak het: "Wie het My aangeraak?"

183 "En Hy het omgedraai, gesê: 'Bring hom hier. Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? Sy geloof het Hom aangeraak." Net soos julle Hom hier in die aand aanraak, sien, dieselfde ding.

"En julle onthou, broers, wat gebeur het? Hy het sy sig ontvang. Nou, onthou julle dit?"

"Ja, broers," het die broers vir Filippus gesê: "ek onthou dit."

184 Moes Andréas gewees, wat gesê het: "Onthou julle daardie dag toe ons almal na die put toe gekom het, toe ons in Samaria ingegaan het om iets te kry om te eet? Ons het na die put toe gekom, en ons het hierdie vrou van Samaria gesien."

185 Ons weet Hy het dit nooit gedoen voor 'n Heiden nie, Hy het gesê dit sou wees vir 'n ander tydperk, Hy sou dit Self doen in 'n ander tydperk by die Heidene, maar hulle het nie in Hom geglo nie. Hy kom net na hulle, en wys Homself vir hulle wat vir Hom wag, dis al. Dis reg. Dis die enigste wat Hy openbaar, wat Hy Homself openbaar.

Nou, kyk, terwyl ons net binne 'n paar oomblikke afsluit.

186 Andréas het gesê: "Ons het almal uitgeglip om 'n paar lewensmiddele te kry, en toe ons terugkom, onthou julle ons het 'n vrou sien kom, wat loop na die put toe, en ons het geweet sy is gemerk as 'n slegte vrou?"

"Ja, ek onthou dit," almal van hulle.

187 “En ons het omgeglip agter die plek daar en gehoor wat gesê is: en toe Hy ’n bietjie met haar gepraat het, en Hy het gesê: ‘Gaan, haal jou man.’

188 “En sy het gesê: ‘Ek het nie een nie.’ Onthou julle hoe ons harte amper gaan staan het? En ons het gesê: ‘O, goeiste, goeiste! Daar’s een keer wat Hy ’n fout gemaak het, die vrou ontken dit.’”

189 O, sekerlik, hulle mag dit ontken, Sara het dit ook ontken, sy het gesê: “Ek het dit nooit gesê nie.”

190 Maar die Engel het gesê: “Ja, maar jy het dit gesê.” En ek wil julle ’n bietjie genade hier gee, God sou haar net daar doodgemaak het, maar Hy kon nie, sy was deel van Abraham. In ons sondes, sou God ons doodgemaak het, as ons nie ’n deel van Christus was nie, Hy. . . dit keer dit. Sien? Ons is die—die Bruid, dit keer dit. Ja, meneer. Dis wat Bileam nie gesien het daar onder, soos ons nou die aand van gepraat het nie. Sien?

191 “Ja, ja, ons onthou.”

192 “Maar Hy het rondgekyk, Hy het gesê: ‘Jy het waarheid vertel. Jy het vyf mans gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie joune nie.’ Het nie. . .? En sy het in die stad ingehardloop. En onthou julle wat sy daarop gesê het, vir Hom?

“Sy het gesê: ‘Meneer, ek sien dat U ’n profeet is.’

193 “Nou, wat ’n verskil tussen haar getuienis en wat daardie Fariseërs so pas daarvan gesê het! Gesê Hy is ’n duiwel. En Hy het vir hulle gesê om die werk van God ’n duiwel te noem sou hulle, vir altyd, skei van God. Sien? En so, het Hy gesê: ‘Wel, een woord Daarteen sou nooit vergewe word nie.’”

194 Nou, hy het gesê: “Het julle opgelet, sy het in die stad ingehardloop en gesê: ‘Kom, sien ’n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die Messias nie? En toe was ons almal oortuig en het geweet dat Hy die Messias was.”

195 Toe hulle getuig het, sou julle nie daarvan gehou het om op daardie boot te sit en na hulle te luister nie? O, goeiste! Maar ons kan ook na hulle luister, julle sien, ons het net hulle getuienis gekry, wat—wat hulle sou sê. So daardie getuienisdiens wat voortgegaan het, en alles, hulle het ’n wonderlike tyd gehad daardie dag, julle weet, ’n groot diens. Dit was get-. . .

196 Weet julle wat? Satan moes oor die sfere van die hel geloer het, en hulle daarbuite op die water gesien het wat ’n getuienisdiens hou sonder Sy Teenwoordigheid. En toe hulle het, julle weet, het hulle vertrek sonder Hom. En hulle. . .

197 Satan het gesê: “Hier’s my kans, hulle het vertrek sonder Hom.” Reg. Dis dieselfde ding wat nou gebeur het, Satan het die kerk sien vertrek op ’n groot bouprogram, en ’n groot moderne toer, en Jesus verlaat. Dis reg.

198 Al waaraan ons dink, is hoeveel ons in ons organisasie kan kry; hoe groter kerk ons kan bou as die res van hulle. Dit het niks daarmee te doen nie. Wat ons nodig het, is terug na die Bybel.

199 Kyk hoe ons mense is, waar die kerk swak is, en die geloof swak is, en die mense net is, jy kan hulle van niemand anders onderskei nie, en hulle getuienis is swak. En—en hulle bly by die huis op Woensdagaand om een of ander soort televisieprogram te kyk in plaas van kerk toe te gaan. En—en hulle vertel grappe, en hulle het ook, baie van hulle het dinge begin doen wat nie reg is nie.

200 En die vroue het begin aantrek soos die dinge van die wêreld, en hulle hare afgeknip, en grimering en goed oral op hulle dra, en—en dinge, en mans wat sigarette rook, sigare, en sulke dinge, en in die kerk lewe, 'n klein gesellige drankie drink saam met hulle baas: "'n bietjie skoon pret te hê," uitgaan met die volgende man se vrou, en allerhande dinge soos daardie, flankeer met meisies op straat, wat hulle nekke omdraai om halfgeklede vroue dop te hou. Sekerlik. Dis reg. Ek weet dit maak seer, maar dis waarheid, broer. Die Woord van God is 'n Besnyer, wat "oortollige vlees afsny," dis presies wat reg is.

201 "Net 'n bietjie skoon, Amerikaanse pret hê," wat nie by die Koninkryk van God pas nie, nie geassosieer kan word met die Koninkryk van God nie, glad nie. Geseënd sy die Naam van die Here! Ons behoort onsself te gedra soos diensknegte van God. Ons behoort . . .

202 Hier 'n tyd gelede, toe hulle slawerny hier in die suide gehad het, het hulle altyd die slawe geneem en hulle op 'n mark verkoop, net soos jy 'n perd sou, of iets, was nooit reg nie. God—God het die mens gemaak, die mens het slawe gemaak. En dan, wanneer hulle dit sou doen, sou hulle verbykom en 'n verkoopskontrak vir 'n mens kry, en hulle uitneem en hulle verkoop, en hulle verkoop aan he- . . .

203 Eendag het daar 'n makelaar verbygekom om 'n paar slawe te koop, hy het gesê: "Hoeveel het jy?"

Gesê: "Omtrent 'n honderd daarbuite."

204 Hy het uitgegaan om na hulle te kyk. Hulle was hartseer, hulle het gekom, die Boere het hulle van Afrika af gebring en hulle ingesit hier naby Kuba, en hulle toe oorgebring en hulle verkoop aan die Amerikaners hier, as slawe. En dan, sou hulle nooit weer teruggaan huis toe nie, hulle sou hier sterf. Hulle was weg van Pappa, weg van Mamma, weg van kinders, geskei, dit was 'n verskriklike ding. En hulle wou nie werk nie, hulle sou hulle moes slaan, hulle te laat werk, omdat hulle so hartseer was.

205 Maar hierdie makelaar het opgelet hierdie een jong man, broer, hoef hom nie te geslaan het nie. Hy was net aan die gang, net aan die gang en besig, bors agteroor en sy kop regop.

Daardie koper het gesê, daardie makelaar het gesê: "Sê, ek wil daardie slaaf koop."

Maar die eienaar het gesê: "Hy's nie te koop nie."

Gesê: "Wel, hoekom is hy nie te koop nie?"

Gesê: "Want, ek verkoop hom nie."

Hy het gesê: "Is—is hy die baas van die res van hulle?"

Gesê: "Nee, hy's net 'n slaaf."

Gesê: "Ek wed jy voer hom anders as die res van hulle."

Gesê: "Nee, meneer, hy eet in die kantien saam met die res van hulle, hy's net 'n slaaf."

Gesê: "Wel, wat maak hom soveel anders as die res van hulle?"

206 Die eienaar het gesê: "Ek het ook vir 'n lang tyd gewonder. Maar eendag het ek uitgevind dat sy vader, oorkant in die tuisland, die koning van die stam is, en hoewel hy 'n vreemdeling is, weg van die huis af, weet hy steeds hy's die seun van 'n koning, en gedra hy homself soos een."

207 As dit sou maak dat 'n Neger, met die wete dat sy vader 'n koning in Afrika is, hom onder sy mense sou gedra as 'n koning se seun, wat behoort dit aan my en jou te doen wat wedergebore is uit die Gees van God? Watter soort lewe behoort ons te lei? Hoe behoort ons onsself te gedra? Nie as 'n swakkeling, en wat wegskram, en wat verwar word deur alles, en halfpad glo, en dinge van die wêreld en ingalop nie. Ons hoofde oplig na Gólgota, en elke Woord wat God gesê het en elke belofte glo, en onsself gedra soos mans en vroue van God. Moenie aantrek soos hierdie Isébels, en maak soos hulle hier nie. Dis reg. Julle moet dit nie doen nie, dis jammerlik.

208 Daar's net een vrou wat haarself ooit gegrimeer het om God te ontmoet, uh, om, nooit om God te ontmoet nie, in die Bybel is daar net een vrou wat ooit grimering gebruik het, en dit was Isébel, God het haar vir die honde gevoer. So, julle sien, sy's net hondevleis om mee te begin, so dit—dit, in die oë van God, so onthou net, broer.

209 O, vroue, mans, ruk julle reg! Julle manne, hoe kan julle dit uithou? Hoe sou jy jou vrou sigarette laat rook, en uitgaan op die straat en so laat optree? Wat is die probleem? Julle het saam met die kerk gegaan.

210 Julle Pinkstermense, wat makeer julle? Wat is die probleem? Jy het afgegaan op 'n groot bou of organisasieprogram, en Jesus uit die prentjie gelaat.

211 In plaas van die outydse prediker te kry wat die waarheid sou preek, het julle een of ander verwyfde kêreltjie gekry wat opkom, deur een of ander skool, waarskynlik 'n kleinseun van God wat meer dink van 'n etekaartjie as wat hy van die Bybel dink, en

nie die waarheid Daaroor wil praat nie. Wat ons nodig het, is manne wat die Evangelie sal preek en dit hanteer met die kragte van God, die waarheid vertel, ongeag of die organisasie hom uitskop. Watter verskil maak dit? Ja, meneer. Ons het manne van God nodig wat gesalf is met die Heilige Gees wat die Evangelie sal verkondig ongeag van wat die organisasie of denominasie daarvan sê. Maak in elk geval geen verskil nie, dis God waarvoor ons is. Amen!

212 O, goeiste! Ek voel godsdienstig. Ja, meneer. Ja, julle mag dink ek is mal, miskien is ek, maar los my net uit, ek voel beter op hierdie manier as wat ek op die ander manier het, so los my net so. Ek—ek voel goed op hierdie manier, dis wonderlik, want jy's vry, jy's aan niks gebonde nie, jy is net gebind aan die bande van liefde.

213 Moenie dat enigiemand vir jou sê dat jy vry is in hierdie volk nie, jy is nie. Jy's nooit vry nie, jy's óf 'n slaaf van Christus en Sy liefde, óf die duiwel s'n, jy's 'n slaaf van die duiwel en sy dinge; jy's 'n slaaf van iets. Ek is bly om Christus se slaaf te wees. Amen. Gekruisig vir die dinge van die wêreld, tog lewe ek, nie ek nie, maar Christus lewe in my. Amen en amen en amen!

214 O, goeiste, as die mense dit net kon sien! As hulle net hulle harte kon oopmaak en sien dat dit terug is na die Bybel, terug na die Christus, terug na die kruis, terug na die Evangelie! Ja. Dis wat dit is. O, geseënd sy die Naam van die Here!

215 Die duiwel het die kerk sien afgaan op 'n yslike groot program: "Ons is die Gemeentes. Ons is die Kerk van God. Ons is die Eenheid. Ons is die Tweeheid," en al hierdie ander dinge. Hoekom het julle nie gebly soos julle was nie? Waarom het julle nie gebly soos God vir julle voorsien het nie?

216 Die grootste fout wat Israel ooit gemaak het, toe genade alreeds vir hulle 'n profeet voorsien het, vir hulle 'n lam voorsien het, en hulle die grootste herlewing gegee het wat hulle ooit gehad het, en op die oewers van—van die Dooie See gestaan het, gedans het in die Gees, en gesing het in die Gees, en 'n jubelfees gehad het, in Eksodus 19, wou hulle dit nie hê nie, hulle wou 'n teologie hê waaroor hulle kon stry. Dis reg. Reg. En wat? Hulle was net omtrent vier dae weg van die beloofde land af. Dieselfde fout wat ons Pinkstervaders gemaak het, nie lank gelede nie.

217 Hoe min sou...? Jy kon vir hulle gesê het hulle was veertig jaar van die beloofde land af. Hulle moes iets gaan kry waaroor hulle kon stry. So het ons Pi-...Wat het God met hulle gedoen? Hy het hulle in die woestyn gelos vir veertig jaar. Wat het hulle gedoen? Oeste gekweek, en kinders, en God het hulle geseën, dis reg, en hulle was groot.

218 Maar eendag het God gesê: "Julle was lank genoeg op hierdie berg. Laat ons opstaan en noordwaarts gaan en die belofte in

besit neem." Dis reg. Toe al die ou vegters gesterf het, gewag het totdat die ou vegters uitgesterf het, dis waar.

219 Nou ons Pinksterbroers het dieselfde ding gedoen, in plaas van net te bly. Julle sê: "Wel, hulle gee die Nuwe Lote." Wat—wat is die Nuwe Lote? En wat daarvan in elk geval? Julle hoef nie te organiseer nie, en die nuwe lote hoef nie daaruit te organiseer, 'n groepie vorm en broers uitmekaar skeur, en baklei, en aangaan met mekaar nie.

220 As dit nie van God was nie, sou dit in elk geval op niks uitgeloop het nie. En as dit van God is, wie gaan dit keer? Nou, as dit is . . . Sien? Wat is dit? "Elke plant wat My Hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word." Julle nie . . . ? Kan julle nie Sy Woord daarvoor neem nie? Maar ons moet omtrent vyf-en-dertig verskillende organisasies maak om . . .

"Wel, Hy kom op 'n wit wolk."

"Nee, prys God, Hy kom op 'n wit perd."

221 Watter verskil maak dit in elk geval, solank Hy kom? Dis die ding. Sien? Maar wat het ons gedoen? In dieselfde ou groef gebly: "Ontvang die doop van die Heilige Gees, praat in tale; ontvang die Heilige Gees, praat in tale; ontvang die Heilige Gees," dieselfde ou berg vir veertig jaar, dieselfde ou roetine.

222 Maar dis tyd om op te staan, laat ons noordwaarts gaan. Jesus kom, laat ons elke belofte gaan inneem. Halleluja! Elke belofte! Jesus het gesê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Hy het in tale gepraat, dis reg, Hy het ook ander dinge gedoen. Laat ons die belofte gaan inneem.

223 Maar, julle sien, Satan het die kerk sien vertrek sonder Jesus, en so, dis wat hy hulle sien doen het, so hy het sy giftige asem geneem en begin om te "*Whew!*" Hy het gesê: "Nou, sal ek van hulle ontslae raak. Ek het hulle in daardie bouprogramme en dinge, en ek sal hulle reg daar onder laat sink. Hulle sal formeel raak, elkeen sal 'n televisie in sy huis hê, en, broer, hy sal Woensdagaand by die huis bly. As hy nie na die vertoning toe wou gaan nie, die ou mense het altyd gesê: 'Bly weg van die vertoning af,' maar ek sal dit reg in hulle huis inbring. Sien?" So hy gaan net reguit voort, julle weet, en bring hierdie dinge.

224 "En as hulle—hulle sê hulle is nie gefassineer nie, maar hulle kyk na hierdie programme, *Ons is lief vir Susy*, en al hierdie dinge, hulle sal liewer daarvoor wees, en die dinge van die wêreld, meer as wat hulle vir God sal wees, ek weet hulle sal. En ek sal net die hele Pinksterkerk opbreek." Haar geskud, haar gestoot, haar afgebreek, die roeispane is gebreek en alles, dis reg, dis wat hy gedoen het. Hulle sien vertrek op groot bouprogramme, net so wêrelds raak soos die res van die kerke. Dis reg.

225 Soos ek gesê het, hulle het altyd gesê: "Koue, formele Baptis," nou is dit: "Koue, formele Pinkster." Dis reg. Dis reg.

226 Hier is ons, rondgegooi, maar die goeie ding (ek moet opskud, net afsluit, want dis tyd.), kyk, die goeie ding was dat Hy nie baie ver gegaan het nie. Hy het opgeklim op die hoogste berg wat Hy kon vind, en Hy het hulle dopgehou daarbuite in die see.

227 "Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy kyk." Ja. Wat het dit gebeur? Hy het op Gólgota geklim, Hy het aanhou klim, van Pase af, het Hy bo die maan opgeklim, die sterre, reguit tot in die Heerlikheid, hoe hoër jy gaan, hoe verder kan jy sien, sodat Hy die Kerk universeel kon dophou, oral. Hou ons dop, het Sy oë op ons gerig.

228 En toe omtrent tyd dat alle hoop weg was om ooit nog 'n herlewing te hê (Wat het hulle gedink toe alle hoop weg was?), hier het Hy na hulle toe aangestap gekom op die see. O, goeiste! Geloop op die see. En toe hulle Hom gesien het, die enigste Ding wat hulle kon help, was hulle bang Daarvoor, het hulle gedink Dit het spookagtig gelyk.

229 En dis dieselfde ding vandag, die enigste ding wat die Kerk weer bymekaar kan bring, die Wegraping neem, sê hulle: "Dis fortuinvertellery, dis Beëlsebub," wanneer dit die einste ding is wat Hy gesê het Hy sou doen. Soos dit toe was, so is dit nou.

230 Maar wat het Hy toe gesê? Ek wens ek het 'n bietjie langer gehad, maar ek het nie. Maar wat het Hy toe gesê? "Moenie vrees nie; hou goeie moed; dit is Ek."

"Hoe weet jy dis Hy?"

Want Hy tree op soos Hy het toe Hy hier was, Hy doen die dinge wat Hy gedoen het, Hy hou Sy belofte soos Hy het. Is dit nie reg nie?

231 "Moenie vrees nie; dit is Ek; moenie vrees nie. Moenie nou vrees nie; dit is Ek; hou goeie moed. Hou goeie moed, bou jouself op, Ek het My oog op jou, Ek hou dop. Ek kom in die midde van die Gemeentes in, in die midde van die Kerk van God, Ek kom hier in, wat te doen? Om die Uitverkorenes uit te neem, nie om nog 'n organisasie te maak nie, maar 'n Wegraping om Huis toe te gaan; Ek kom daarvoor."

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig.

232 Geseënde Verlosser, U sal ons lei totdat ons daardie gesonde Oewer bereik, waar die Engele wag om by ons aan te sluit, in U lof vir ewig. Ons dink aan daardie groot dag, hoe U dit gereël het.

> *Ek wil nie hê dat julle*. . .*onkundig moet wees nie, broeders, oor* hulle wat *ontslaap het nie*, *dat* julle *nie treur soos die ander* wat *geen hoop het nie.*
>
> *Want as ons glo dat* Christus *gesterf het en op* die derde dag *opgestaan het*, *net so sal God* diegene wat *in Christus slaap, saam met Hom bring.*

*Want dit sê ons vir julle* in die bevel *van die Here, dat ons* nie verhinder sal word nie, dit ons nie sal hinder wanneer ons slaap nie.

233 Ons hou die orde van die opstanding dop: Die eerste ding, kom ons bymekaar, nie voor ons bymekaar kom, sal ons saamgaan om Hom te ontmoet nie. Moeders en vaders sal mekaar ontmoet, kinders en geliefdes sal mekaar ontmoet, dan opgeraap word in die lug om die Here te ontmoet. En wanneer ons daar staan, verlossingsliedere sing, en Engele, met 'n sirkel om die aarde, sal staan met geboë hoofde, sonder om te weet waarvan hulle praat. Hulle was nooit verlore nie, hulle weet nie wat dit beteken om verlore te wees en gevind te word nie, maar, Here, ons weet wat dit beteken. "Ek was eens verlore, maar nou is ek gevind, was blind, maar nou sien ek."

234 Vader God, ek bid dat U die mense hier sal seën hierdie Saterdagaand. 'n Klein, gebroke boodskappie net van plek tot plek, probeer wag om te sien wat U sou sê om te doen, nou is die uur naby.

235 Ek bid, Vader, dat U net die mense sal laat weet dat U dieselfde Jesus is. Kom net en doen, vanaand, net soos U daar gedoen het, net 'n klein tydjie vir ons, Vader. Dat die mense... hulle kry dalk nooit nog 'n geleentheid nie. Ons mag dalk nooit kerk hê môre-oggend nie, U kom dalk nog voor môre-oggend, een of ander tyd deur die nag, mag daar 'n geluid kom: "Kyk, die Bruidegom kom, gaan uit Hom tegemoet."

236 Ons weet dit sal dan 'n verskriklike tyd wees, daar sal geween word, daar sal gebid word, sal daar gesing word, daar sal uitgeroep word. Vader God, laat ons dit nou regmaak, en gereed wees vir daardie uur, soos ons wag, in Jesus' Naam. Amen.

237 Ek wonder of daar enige hier is, vanaand, wat Hom nie as Verlosser ken nie, sou graag wou sê: "Onthou my, Broer Branham, wanneer jy weer bid." Steek jou hand op, sê: "Onthou my." God seën jou. God seën jou, jou, jou. In die balkonne, die Here seën jou. Iemand anders, net voor ons bid vir hulle wat Hom wil ken, Hom nog nooit ontmoet het nie?

238 Mag...Hy mag binne 'n paar minute hiernatoe kom. Hy sal kom, ek glo Hy sal. En julle? En sal doen Sy...Glo julle Hy's dieselfde? Sekerlik, Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Laat Hom dan kom en doen, deur ons, deur Sy heiligmakende krag, die dinge wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, en ons sal weet. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy..."

239 Weet julle, hoeveel weet dat Jesus Christus nooit een wonderwerk in Sy lewe gedoen het, sonder dat God Hom gewys het deur 'n visioen nie? Hoeveel weet dit? Die Bybel sê dit, Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks in Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen

nie.” Dit reg? Nou, dis Skriftuurlik, dit kan nie gebreek word nie. “Ek doen niks totdat Ek die Vader sien doen nie. Alles wat die Vader werk, werk Ek tot nou toe. Wat die Vader doen, wys Hy vir My, dan doen Ek dit.” Hy speel dit net uit as ’n drama wat die Vader Hom gewys het om te doen, wat Hom vandag dieselfde maak: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen.”

240 As dit dan die teken van die Messias was, sal daardie selfde Gees wat in Messias was, in Sy Kerk wees, sal die Kerk dieselfde dinge doen wat Messias gedoen het, want ’n wingerdstok kan net druiwe voortbring elke keer wat dit uitkom, dis hoe dit met ons hier is, dit moet dieselfde wees.

241 Het die seun enige gebedskaartjies uitgegee? Ek het selfs vergeet om te vra . . . Ja. Gisteraand het hy nie. [’n Broer sê: “Hy het ’n paar uitgegee, vanaand.”—Red.] Hy het ’n paar uitgegee, vanaand. Weet julle watter syfers hulle was, letters, of . . . ? [“A.”] A’s, wat? Dis wat jy gegee het? Ons is . . . ? Dis wat ons die eerste aand gehad het, was dit nie? Wat, het jy gedoen, net die ander vyftig gegee? Goed. Waar het ons begin die ander keer? [“Een tot vyftien.”] Een tot vyftien. Wel, kom ons begin van êrens anders af onder hulle, vanaand. Laat ons begin . . . Hulle vyftien van hulle gegee? [“Ja.”] Laat ons dan die laaste vyftien neem, dit sou wees, begin sou wees, wat sou dit wees? Vyf-en-tagtig, sou dit nie? Vyf-en-tagtig. Laat ons kyk of hulle is . . . ons—ons . . . of hulle hier is.

242 Vyf-en-tagtig. Wie het gebedskaartjie nommer vyf-en-tagtig? Steek jou hand op, oraloor die gebou, iemand, of bo, waar jy ook al is. Gebedskaartjie A, vyf-en-tagtig. Kyk na jou . . . [“Reg voor jou.”] Het ek dit gemis? Is jy seker? [“Reg voor jou, daar.”] O, ek’s jammer, suster. Goed, vyf-en-tagtig, kom hier, net hier. Ses-en-tagtig. Wie het ses-en-tagtig? Steek jou hand op. Gebedskaartjie ses-en-tagtig.

243 Ons bring die kaartjies hier voor die mense, skommel hulle almal *so*, en gee dan vir enigiemand ’n gebedskaartjie wat een wil hê, sodat dan wanneer ons afkom, roep ons net van iewers af, sonder om te weet waar dit was. So, daarom is dit net . . .

Hoeveel weet daar word meer genees in die gehoor, as wat daar hierbo genees word? Sekerlik, daar word. Sekerlik.

244 Goed, hoe . . . ? Gaan om na *daardie* kant toe. Hoe . . . ? Waar was dit? Vyf-en-tagtig, was dit nie? Ses-en-tagtig. Wie het gebedskaartjie ses-en-tagtig, sal jy jou hand opsteek? ’n Dame net hier. Het jy ses-en-tagtig? Sal jy saam met die dame daar om gaan?

245 Sewe-en-tagtig, steek nou baie vinnig jou hand op om te spaar . . . God seën jou, my broer, gaan reguit *daarnatoe*. Vyf-en-tagtig, ses-en-tagtig, sewe-en-tagtig, agt-en-tagtig. Wie het agt-en-tagtig? Net hier, gaan om na *daardie* kant toe. Daar net versprei regoor die gebou, enigiemand wat een wou hê. Agt-en-tagtig, nege-en-tagtig. Wie het nege-en-tagtig? Gebedskaartjie

nege-en-tagtig, steek jou hand op. [Iemand sê: "Reg aan die agterkant."—Red.] Oorkant na die. . .Waar? ["Reg."] Aan die regterkant, nege-en-tagtig. Ooit. . .Ek sien hulle nie, maar laat hulle opstaan en reg rondom daardie kant toe gaan, as hulle sal, nege-en-tagtig.

246 Negentig. Wie het gebedskaartjie negentig, sal jy jou hand opsteek? Kyk na jou buurman se kaartjie, hulle mag. . .iemand wat doof is, julle weet, hulle kon dit dalk nie hoor nie, miskien is iemand kreupel en kan nie hulle hand opsteek nie. Kyk net rond na almal se kaartjie.

247 Wat? Gebedskaartjie, wat was dit, nege-en-tagtig? Negentig. Is daardie gebedskaartjie negentig? Goed, meneer, gaan om na *daardie* kant toe. Negentig, een-en-negentig, goed. Twee-en-negentig, drie-en-negentig. Steek jou hand op, sodat ek sal sien wie jy is. Drie-en-negentig. Sal jy jou hand opsteek? Drie-en-negentig. Goed, vier-en-negentig, lig jou. . .Dis reg. Vyf-en-negentig, ses-en-negentig, sewe-en-negentig. Dis die manier om dit te doen. Sewe-en-negentig, agt-en-negentig, nege-en-negentig, eenhonderd. Goed, goed.

248 Nou, is daar nog enige gebedskaartjies hierbinne? Steek op julle hande, julle wat gebedskaartjies het. Goed, hou net julle kaartjies, ons sal julle kry, ons het dit belowe, ons sal dit doen. Sien? Met die hulp van die Here, sal ons dit kry.

249 Hierdie is net. . .Ons kan hulle nie almal op een slag bring nie. Ek, môremiddag sal ek hulle almal moet optel, sien, so ek sal 'n middag hê om dit in te doen, julle sien. So, kom julle maar net, en ons sal—ons sal by hulle uitkom.

250 En nou, hoeveel het nie 'n gebedskaartjie nie? Steek julle hande op. En jy's siek en jy wil hê God moet jou genees? Steek jou hand op, sê: "Ek het nie 'n gebedskaartjie nie, maar tog wil ek hê die Here moet my genees." Wel, dis net oraloor.

251 Goed. Terwyl hulle die gebedsry gereed kry, gaan ek almal vra, as julle net so eerbiedig sal wees as wat julle kan, en in julle sitplekke sal bly, net sal bly sit, sien. Goed.

252 Nou, in die Bybel, in die Boek van Johannes die 4de hoofstuk, wil ek graag dit sê: Hoeveel het ooit die 4de hoofstuk van Johannes gelees? Goed. Nou, Jesus, nee, verskoon my, dis nie die 4de hoofstuk van Johannes nie, ek kan dit nie nou onthou nie. Toe die vrou aangeraak is met haar bloedvloeiing, ek dit net in my gedagtes gemis, 8ste hoofstuk.

253 So sy het deur 'n skare mense gegaan, en sy het gesê. . .sy het Jesus gesien en gehoor, sy het Hom nog nooit gesien nie. Maar laat ons net 'n dramatjie neem terwyl hulle daar wag. Ek kan my voorstel, sy het—sy het 'n bloedvloeiing gehad, enigiemand weet wat gebeur het, dit was gedurende die tyd van menopouse, en dit het nooit opgehou nie. So sy, en sy het al haar geld spandeer aan die dokters, en hulle kon haar glad nie help nie. Hulle het alles

gedoen wat hulle kon doen, sonder twyfel, hulle het alles gedoen wat hulle kon doen, maar hulle kon nie daardie bloedvloeiing stop nie.

254 Dan het sy dit gehad vir baie, baie jare, en net aangehou, vloei, aan, aan, aan, aan, 'n arme, klein, swak dingetjie, sy het van Jesus gehoor, so sy het gesê: "Ek glo Hy's 'n . . . Hy is daardie Messias." Dink julle nie sy het so gedink nie? Hoeveel glo dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sy het gesê: "Ek glo daardie Man is die Messias, maar ek het nie geld om soontoe te gaan waar Hy is nie."

255 Maar julle weet, na hierdie groot gebeurtenis van die nag, het Hy ingekom na die, die wilgers toe daaronder daardie oggend. En sy het afgekyk van die heuwel waar sy gewoon het, sy het gesê: "Wonder Wie Dit is. Iets, moet een of ander Persoon daaronder wees." Sy het hulle hoor lawaai, en Hom bespot, en alles, en sommige wat Hom geseën het, en so het sy afgeglip en sy het gesien Wie dit was. En sy het gesê: "As ek net Sy kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word."

256 Nou, sy het nie een stukkie Skrif daarvoor gehad nie, het sy? Is daar enige Skrif in die Bybel voor dit, wat sê: "Wanneer die Messias kom, as julle Sy kleed sal aanraak . . . " Nee, maar sy het dit geglo, sy het dit geglo, so sy het deur die skare geglip, en sy was net 'n ou, skraal vroutjie, julle weet, so sy het net deur die skare geglip, en sy het Sy kleed aangeraak.

257 Nou, as jy my jas aangeraak het, sou ek dit nie voel nie, net my jas nie. En die Palestynse kleed was 'n kleed. En hulle het 'n onderkleed gehad, dit het van die voet af opgekom, dis waarom hulle voetewas gehad het, en goed, daardie groot kleed het die stof opgetel soos hulle in die paadjies afgeloop het.

258 Wel, dan, as julle ooit in Palestina was, en opgelet het wat hulle gedoen het, hoe hulle hulle skoene uittrek, en hulle voete gewas word as gevolg van die stank van die grond waar die diere was, en goed, hulle kon nie voor die mense verskyn nie, so hulle het 'n—hulle het 'n dienskneg gehad wat die voete gewas het, en daarom het hulle die voetewas gehad.

259 So hierdie vrou het die soom van Sy kleed aangeraak, dit het *so* ver van Hom af gehang. Nou, fisies, kon Hy dit nie gevoel het nie, Hy kon dit nie gedoen het nie. Maar sy het die soom van Sy kleed aangeraak, toe het sy uitgegaan, sy het gaan sit, opgestaan, of wat dit ook al was in die gehoor mense, miskien twee of drie keer wat hier is.

Jesus het gestop, gesê: "Wie het My aangeraak?"

260 Wel, Petrus het gedink dit was belaglik, hy het nog nooit die Heilige Gees ontvang nie, julle weet, 'n man met die Heilige Gees sou beter geweet het. So, hy het gesê: "Hoekom . . .?" Wel, die Bybel het gesê hy het Hom bestraf. Met ander woorde, hy het gesê: "Wat bedoel U om so-iets te sê? U's veronderstel om

’n verstandige Man te wees, en hier is U hier, U noem Uself die Messias, en sê: ‘Wie het My aangeraak?’ Wel, weet U nie mense sal dink U is mal nie? Almal raak aan U.”

Ek kan Jesus na Hom sien kyk, dink: “Arme Simon.”

261 “Maar hierdie was ’n ander soort aanraking, Simon, Ek voel dat Ek swak geword het.” Krag, daar het krag van Hom uitgegaan, en Hy het net gestop. Hy het gesien Simon het dit nie geweet nie, en die res van hulle het dit nie geweet nie, so Hy het net rondgekyk oor die gehoor totdat Hy daardie vrou gevind het, wat miskien ver agter gesit het. Hy het vir haar gesê haar bloedvloeiing het opgehou, omdat haar geloof haar gered het. Is dit reg?

262 Nou, hoeveel weet dat die Nuwe Testament gesê het dat Jesus Christus, net nou, ’n Hoëpriester is, wat aan die regterhand van God sit, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Hoeveel weet dis waar? Sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Goed. Is Hy dan dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? Hoe sou jy dan weet jy het Hom aangeraak? Hoe sou Hy optree? Hy sou optree net soos Hy toe het, as Hy dieselfde is.

263 So julle sonder julle kaartjies, of wat ook al daarbuite in die gehoor wat nie vanaand hierbo sal wees nie, bid julle net, en sê: “Here Jesus, ek glo U is daardie Hoëpriester waarvan hulle praat, en laat my geloof U aanraak, vanaand.”

264 Nou, as jy my aangeraak het, sou dit niks meer help as om jou man aan te raak, of jou broer aan te raak, of—of—of jou seun, of wat dit ook al sou wees nie, sien. Dit sou niks doen, my aan te raak nie, dit sou nie ’n ding wees nie. Maar raak jy net aan Hom, en kyk wat Hy doen.

265 Julle sê: “Broer Branham, hoe sou Dit werk?” Deur ’n gawe, myself net oor te gee aan die Gees, Dit doen die praatwerk. Sien? Nou, hierdie mikrofoon is heeltemal stom, dit kan nie praat nie, dit weet nie hoe om te praat nie, dit neem iets om daarin te praat, om dit die klank te laat uitdra. Is dit reg?

266 Wel dan, elkeen van julle hier is vreemdelinge vir my. Enigste twee mense wat ek hoegenaamd hierbo ken, is hierdie, hierdie man wat *hier* sit wat saam met my was vanmôre, en Broer Gene Goad, en hierdie man *hier* oorkant, en Broer Hall, sê, dis die enigstes wat ek in die gebou kan sien; my vrou is nie hier, vanaand nie. En dis die enigstes wat ek ken. Maar Jesus ken elkeen van julle. Is dit reg? Hy ken elkeen van julle. En Hy het belowe, in die laaste dae sou daar Lig wees, net soos dit was by die sonsopkoms, sal dit dieselfde wees in die ondergang. Is dit waar? Nou, raak jy net Sy kleed aan, as Hy sal kom en ons help.

267 En hoeveel van julle is vreemdelinge hier, wat dit nog nooit tevore gesien het nie, in Hom sou glo, en sê: “Dit sal my laat glo om Hom te sien maak net soos Hy het toe Hy hier op aarde was”?

Steek jou hand op, sê “Ek—ek sal glo.” Dis vreemdelinge wat nie tevore hier was nie. Goed. Dis goed.

Hoeveel was al voorheen hier en het Hom dit sien doen? Laat ons jou hand sien. Sien? Dis net omtrent oral. Goed. Nou, glo julle.

268 Nou, onthou, as een persoon kom, en Hy genees daardie persoon, moet Hy—Hy dit doen met die tweede persoon wat op dieselfde basis kom. Reg. As jy net sal glo, dit verg jou geloof. Sê: “Wat van daardie hele groep daar daardie dag? Net een vrou het Hom aangeraak.” Dit was die enigste een wat dit kon glo. Is jy daardie een daarbuite, vanaand? Ek hoop jy is, elkeen van julle. Nou, onthou net . . .

269 Nou, Vader God, ek het van U gepraat, ek het dit in ’n storietjie probeer sit, vanaand, in ’n drama, sodat selfs die kindertjies sou verstaan, dat hulle hulle klein skoolmaatjies kon vertel, ensovoorts, en almal voorbereid kon wees vir die koms van die Here.

270 Nou, ek het gespreek, getuig van U, dis al wat ek kan doen, ek’s net ’n man. Maar nou, Vader, net een Woord van U sal alles beteken, meer as wat ons almal in baie leeftye kon doen, net een Woord. Hulle weet dis die Skrif, hulle weet dis die waarheid, hulle weet dis van Génesis tot Openbaring.

271 Nou, U het ’n belofte gemaak dat die Messias wat sou kom, in hierdie dag, sou terugkom in die Kerk, en maak net soos Hy het, die . . . toe Hy gesit het . . . Net die koms van die Hoofsteen, die Gebou sou gevorm word sodat Dit kon pas.

272 Ek bid, God, dat dit weer so sal wees, vanaand. Want ons vra, dit in Jesus’ Naam, soos ek myself aan U onderwerp, en hierdie gemeente en elke gees hierbinne neem, onder die beheer van die Heilige Gees, in Jesus Christus’ Naam. Amen.

273 Goed. Nou, hê geloof. Wees almal eerbiedig, sit stil. Moenie ongelowig wees nie, maar glo met jou hele hart.

274 Nou, nou moet dit gewys word, ek het Dit gepreek. Hoeveel weet Dit was die Woord? Nou, as enige van julle twyfel, wel, is julle welkom om hiernatoe te kom en my plek in te neem as julle wil. Een of ander prediker hier sê: “Dis nie reg nie, dit is nie reg nie,” kom jy dan hiernatoe en neem my plek in en doen dieselfde ding.

275 As ek duiwels uitdryf met die Woord van God, met wie dryf julle hulle uit? Sien? Jy beter kan vaar, wel, kom dan, ek sal gaan sit; ek wil sien dat die mense genees word. Het julle dit? Sien? Dis ’n belofte van God. En as Hy hierdie belofte sal hou . . .

276 Nou, ons weet, laat ek dit duidelik maak, daar is geen mens wat ’n ander kan genees nie, daar is nie eens medisyne wat jou genees nie. Geen dokter sal dit vir jou sê as hy ’n regte dokter is nie. Medisyne bou nie weefsel nie, medisyne hou skoon, terwyl

God weefsel bou, Hy moet skep, weefsel word geskep. Sien julle? So hy doen dit nie, dokter genees nie 'n been nie, hy *spalk* 'n been, God genees die bene. Sien? Net God kan genees. En nou, het Hy dit alreeds gedoen. Net om die mense dit te laat glo, dis wat.

277 As dit ek sou wees, as ek jou gesê het, jy dit nie geglo het nie, of as jy vir my gesê het en ek het dit nie geglo nie, laat hom gaan. Maar nie God nie, Hy's 'n goeie God. Hy hou aan om gawes te stuur, en in Sy Kerk te sit na Sy Woord om Sy Woord te bevestig en Dit waar te maak, sodat Hy regverdig en eerlik is.

278 Nou, hierdie dame wat hier staan, of, ek reken jy's die een, om—om voor gebid te word. Nou, hier staan 'n vrou wat ek nog nooit in my lewe gesien het sover ek weet nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. [Die suster sê: "Ek het jou gesien Broer Branham."—Red.] Jy het my gesien. ["Jy het vir my gebid in jou klein kerkie."] Ek het vir jou gebid? ["Tennessee. Ja, jy het."] In Tennessee. ["Ja."] Wel, ek is so bly daaroor. Maar om jou te ken, sou ek jou nie ken nie, sou geen manier hê om jou te ken nie. Goed.

279 Nou, hierdie dame sê, as julle my nie gehoor het nie. . .En terloops, wie ook al die ingenieur hiervan is, wanneer die salwing kom, en as ek nie hard genoeg praat nie, stel dit dan harder sodat hulle dit kan hoor. Want, julle sien, gaan net terug in iemand se lewe vir jare, en sien wat hulle gedoen het, en jy kyk net wat daar aangaan, jy—jy's nie eers bewus dat jy hier staan nie.

280 Dit is nie ek nie. Hoe kon ek dit doen? Dis totaal onmoontlik. Dis 'n—dis 'n totale wonderwerk as dit gedoen sou word. Dis bokant enige menslike begrip, behalwe as jy die Woord van God daarvoor neem. Sekerlik. Dis die grootste wonderwerk.

281 Jy sê: "Wel, hier sit iemand hier wat 'n verlamde voet gehad het, ons het vir hom gebid, hy het begin loop." Wel, dit kan sielkunde wees, dis reg. Maar hierdie kan nie wees nie, dit moet God wees, niks anders kan so wees nie. Presies reg.

282 So nou, as ek vir jou gebid het, en daardie. . .Maar ek ken jou nie, en ek weet niks van jou af nie, ek het geen idee waarvoor jy hier is nie. En jy, net soos, as iemand vir wie ek hier gebid het, na my toe sou kom oor 'n paar jaar van nou af, en sê: "Ek was by Richmond, Virginia, en jy het vir my gebid." O, goeiste, ek het gebid vir tiene van duisende, maal duisende mense, julle sien. En, in elk geval, as jy môre na my toe sou kom, en die salwing kom en die visioen kom, as jy môre na my toe kom, sou ek niks daarvan weet nie.

283 Sien daardie seun wat daar sit? Hy neem opnames, dis hoe ons rekord hou daarvan. Is dit nie reg nie, Broer Goad? Dis die enigste manier wat ek dit weet. Sien? Want dis nie ek wat praat nie. Ek—ek het bely en my hande opgesteek dat ek haar nie ken nie. Sien?

284 Maar as jy siek was en ek my hande op jou gelê, en gesê het: "Die Bybel het gesê hulle hande op die siekes sal lê, hulle sal gesond word," dis wat ons vir jare gedoen het, maar ons is nou nader aan die Huis, sien, Christus word meer gemanifesteer aan ons.

285 Nou, as Hy my iets sal vertel wat—wat in jou lewe was, wel, dan, as Hy jou vertel wat was, sal jy kan oordeel of dit reg is of nie, jy sal weet, jy kan vir hierdie gehoor sê, dis reg of verkeerd. Wel, dan, as Hy dit doen, en weet wat was, sou Hy beslis weet wat sou wees. Is dit reg, gehoor? Hy sou weet wat sou wees. Nou, nou, ek weet nie dat Hy sal nie, maar ek vertrou dat Hy sal, en as Hy sal, prys God.

286 Dan, elkeen van die gehoor, soos ons hier staan, oop, spreiligte wat op ons afskyn, ons staan hier, niks behalwe die Woord van God wat hier voor ons lê nie, God Self, ons is in Sy Teenwoordigheid voor vyf of seshonderd mense of meer, reken ek, en, wat ook al in die plekkie kan sit, en hier is ons. Dit het voor vyfhonderdduisend een keer, driehonderdduisend 'n ander keer, en honderde duisende ander kere, allerhande soorte nasies, en volke, en tale. Sien? Dit moet oral heen gaan; Hy moet Homself verklaar voor Hy kom.

287 Nou, hierdie is net soos dit was in die Bybelse tyd toe ons Here 'n Samaritaanse vrou ontmoet het, en ons is 'n man en vrou wat hier ontmoet, ek ken jou nie, en jy ken my net deur een keer deur 'n ry te gaan. Nou, as Hy aan my openbaar waarvoor jy hier is, mag weer siek wees, mag huislike probleme wees, dit mag finansiële probleme wees, ek weet nie, maar Hy weet, maar as Hy aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy dit glo, sal jy nie?

En die gehoor sal dit glo? Sal julle dit glo? Sekerlik. Goed. Mag Hy dit skenk.

288 Nou, as die mense steeds my stem kan hoor, die vrou gaan van my af weg. Ja, ek sien jou, jy is genees. Jy is genees in my diens, jy het artritis gehad en jy is genees, dis reg, dis waar. Uh-huh. Um-hum.

289 Nou, jy het iets verkeerd met 'n been. Jy het geval en jou been seergemaak, dis wat jy is—dis waarvoor jy hier is om voor gebid te word. As dit waar is, steek jou hand op. Steek net jou hand op, sodat hulle sal sien. Um-hum.

290 Glo jy? Goed. Ek weet nie hoekom dit is nie, maar ek hou . . . Nou, wat julle dink, ek sien dit hier. Sien? Het Hy na die mense gekyk en hulle gedagtes onderskei? Dis reg. Wel, sien, dis Hy, dis nie ek nie, ek het julle klaar gesê, ek, dis nie meer ek nie, Dis nou Hy. Dit was nie ek wat dit vir haar gesê het nie, Dit was Hy wat dit vir haar gesê het, want ek ken haar nie, God weet dit. Nou, hulle bly dink ek raai dit; ek weet nie hoekom dit kom nie, maar

dit kom van iewers af. Ja, ek sien nou waar dit vandaan kom, ek behoort dit te sê. Is ek reg? Kyk of dit was.

291 Ja, ja, ek sien jy het geval en jouself seergemaak, jy het jou been seergemaak. En jy het alles daarvoor probeer, insmeermiddels, en alles, maar dit sal nie werk nie, hierdie gaan werk.

292 Jy het baie hartseer gehad, jy het 'n geliefde verloor, dit was 'n dogter. Dis reg. Um-hum. Um-hum. As God vir my sal sê wie jy is, wat jou naam is, sal jy glo dat ek Sy profeet is, Sy dienskneg? Mev. Wathen, gaan glo, Jesus Christus maak jou gesond. God seën jou nou. Dit gaan alles reg wees, die seer sal weggaan, en jy sal reg wees.

293 Glo jy met jou hele hart? Nou, ek vra enigiemand, hoe kon ek ooit, wat ook al verkeerd was met die vrou, dit ooit gedoen het? Daar moet een of ander soort van 'n bonatuurlike Wese hier wees wat dit doen (Ek's 'n mens. Is dit reg?), Wie sou die vrou ken, wat sy gedoen het, waar sy was, en alles van haar af, en sulke dinge.

294 Nou, as ons hier sou staan, hoe langer jy staan, sal meer gesê word. Maar jy sien, daardie een—daardie een visioen het meer uit my geneem as wat daardie uur-en-'n-half van prediking het. Sien? Jy neem in, nou gee jy uit.

295 Dink net, as een vrou Sy kleed aangeraak het, en sy. . . Hy het gesê: "Ek sien dat krag van My uitgegaan het," wat sou ek, 'n sondaar gered uit genade, aan my doen? Sien? Want Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, en meer as hierdie sal julle doen." Ek weet die King James sê, *groter*, maar dit kon nie groter wees nie, dit was *meer* van die werke wat Hy kon doen. Kry die oorspronklike *Diaglott*, en kyk of dit nie *meer* sê nie, sien, want Dis dieselfde Gees.

296 Nou, hierdie dame is ook 'n vreemdeling vir my. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. As God iets aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? Nou, jy is bewus dat iets net toe gebeur het, sien. Dit was daardie gevoel en soort van liefdevol, stil. Nou, as dit reg is, net sodat die mense sal weet, sodat hulle sal weet dat ek niks verkeerds gesê nie, ek het daardie Lig reg op jou sien val, dis reg, nou, as jy net soos 'n baie liefdevolle, nederige gevoel rondom jou voel, steek jou hand op sodat die mense dit sien.

297 Maar aan julle wat die foto hier het, ons het dit, daardie Lig wat julle in die foto sien, God is my Getuie, Dis nou reg bokant die vrou. Sien? Ja, meneer.

298 Sy's hier, nie vir haarself nie, al is sy senuweeagtig en ontsteld. Dis reg. 'n Klein vroueprobleempie het jou vir 'n rukkie gepla, maar die belangrikste ding waarvoor jy hier is, is iemand anders, dis jou man, hy's gedeeltelik verlam, het probleme in sy rug en in sy bene. Dit is reg. Glo jy saam met my dat God hom sal gesond maak? Gaan, en soos jy geglo het, so sal dit vir jou

wees. Gaan glo jy. God seën jou. Sit daardie sakdoek wat jy in jou hande het op hom. Glo net met jou hele hart.

299 Ek en jy is vreemdelinge vir mekaar, dame, veronderstel ek. Ons ken nie mekaar nie, maar God ken ons albei. Glo jy dat ek Sy dienskneg is met jou hele hart? As God iets aan my sal openbaar wat verkeerd is, sal jy aanvaar dat dit van God is? Dis jou rug, jou bene. Dis veroorsaak deur 'n ongeluk. Goed. Dis al wat dit neem om jou gesond te maak. Gaan, glo nou, hê net—net geloof.

300 Glo jy met jou hele hart, dame? Glo jy dat Jesus Christus die versoek aan jou sal toestaan? Natuurlik dra jy 'n bril, enigiemand sal dit weet. Dit was 'n lang tyd, vandat jy kan onthou, dit was jou hele lewe lank, maar eintlik, is dit nie wat op jou hart is nie, iets anders op jou hart, dis vir iemand anders. Dis reg. Glo jy dat God haar kan genees, haar gesond kan maak, jou moeder? Sy het verlamming, bewerasie. Dis reg, is dit nie? Gaan, glo, dit sal wees soos jy geglo het. God seën jou.

301 Glo julle nou met julle hele hart? Het dit dit vir julle afgehandel? Is julle oortuig? Nou, wat is hier? Die einste Een wat in Galiléa gewandel het, is hier, vanaand. Wat is dit? Hy gebruik net vir jou en my. Nou, maak nie saak waarmee—waarmee ek gesalf sou wees nie, julle moet ook wees, sien, julle moet ook wees. Glo julle dit? Hê net geloof. Moet net nie twyfel nie, glo.

302 Aangename kennis? Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. Ek ken jou nie, maar God ken jou wel. Iemand anders het in die visioen verskyn, net toe, toe dit op die vrou begin het. Glo jy dat ek Sy dienskneg is? Die dinge wat ek gesê het, reg is? God aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy my aanvaar as Sy dienskneg? Goed. Jy het probleme in jou rug, dis een ding, 'n ander ding, jy het die doodskadu oor jou van 'n kanker. Glo jy dat Hy jou sal genees, en jou gesond sal maak? Jy glo.

303 Iemand anders vir wie jy ook wil bid, is dit nie? Glo jy Hy sal hom ook genees? Dis jou man, hy sit daarbuite. Glo jy God kan vir my sê wat sy probleem is? Sal julle my glo as Sy profeet as ek dit vir jou sê? Hy het dermprobleme, sê die dokter, dermprobleme. As jy glo sal hy ook genees word.

304 Maar hier is die grootste ding wat jy nodig het: Jy het verlossing nodig vir jou siel. Sal jy Hom aanvaar as jou Verlosser, en in Hom glo met jou hele hart? Albei van julle het dit nodig. Sal jy dit doen en glo met jou hele hart? Sal jy Hom nou aanvaar as jou Verlosser, vir jou genesing? Man, sal jy Hom aanvaar as jou Verlosser? God seën jou. Jy is beide gered en genees. Gaan huis toe en word gemaak . . .

Glo julle?

Jy sê: "Jy het geen reg om vir hulle te sê hulle is gered nie"?

305 Ek reken as daardie God vir my kan sê wat verkeerd is met hulle, kan Hy vir my sê of hulle gered is of nie, kan Hy nie? Sekerlik. O, het jy Hom lief?

Wil jy huis toe gaan, jou aandete eet, oor daardie maagprobleem kom, gesond gemaak word? Gaan eet. Jesus Christus maak jou gesond. Hê geloof.

Kom, meneer. Wil jy hê God moet jou genees van daardie rugprobleem? Hou net aan loop, sê: "Dankie, Here Jesus," en word gesond gemaak.

Artritis, senuweeagtigheid, en dinge. Glo jy Hy sal jou gesond maak? Sê: "Dankie, Here."

Hoeveel glo met julle hele hart?

Glo, moenie twyfel nie. Hê net geloof met julle hele hart.

306 Hulle sê jy het moordenaar nommer een, maar hartprobleme is nie moordenaar nommer een nie, sonde is moordenaar nommer een. So, jy's nou ontslae van albei van hulle, sodat jy kan gaan en gesond gemaak word. Hê geloof.

'n Senuweeagtige maag, dis gesond. Gaan, glo.

307 Ek sien jy probeer opstaan in die oggend, jou voete uitsteek en kyk of jy reg kan opstaan, of nie, daardie ou ding, verlammingsduiwel. Gaan, glo nou, dit sal jou verlaat, artritis sal weggaan.

308 Jy sou geopereer moes word, dame, as dit nie vir God was nie. Glo jy Hy kan die operasie doen? Glo jy Hom regtig, gee jou hele lewe aan Hom oor, en die gewas sal weg wees? Glo jy dit? Gaan, soos jy geglo het, laat dit vir jou so wees. Gaan net en glo. Goed.

Kom, dame. Het 'n senuweetoestand, maag. Gaan, glo, hê net geloof.

Kom, dame. Glo jy met jou hele hart? Net 'n oomblik, iets het gebeur.

309 Wees net eerbiedig, wag net 'n oomblik, wees eerbiedig. O, wat 'n oomblik! Is Hy. . .? Dis 'n vrou, wat verskyn het, nie soos hierdie vrou nie, sy is skraler, maar is in die gehoor. God help my. Ja, hier sit sy net hier. Het iets verkeerd met jou hande. Glo jy dat God jou sal gesond maak, met die handprobleem? Goed, jou geloof red jou.

310 Sê, terloops, sit jou hand op daardie vrou wat daar langs jou sit, sy het hartprobleme. Dit is reg. Steek jou hand op, ontvang Christus as jou Geneser. God seën jou. Gaan huis toe, wees gesond.

Is Hy nie wonderlik nie?

311 Dit het daardie dame wat daar sit met daardie blou rok aan, wat ly aan maagprobleme, ook laat glo. Jy het maagprobleme gehad vir 'n rukkie, het jy nie? Gaan eet jou aandete, Jesus Christus maak jou gesond.

312 Die gesette dame, wat reg langs jou sit, sal jy vir my ’n guns doen, of, God ’n guns doen? Jy’s ’n gelowige, of Hy sou nooit met jou gepraat het nie. Sy het artritis, het jy nie, dame? Dis reg, steek jou hand op. Goed, lê jou hand oorkant op haar, Suster. Julle almal julle hande op mekaar lê daar, Jesus Christus maak julle gesond.

Glo jy?

Dink jy God kan diabetes genees? Goed, gaan dan voort. Hê geloof, Hy sal dit doen.

Hartprobleme? Hou net aan beweeg, sê: “Dankie, Here Jesus dat U my genees het.”

Probleme met jou rug? Sê: “Dankie, Here dat U my genees het.”

O, Jesus is wonderlik, is Hy nie?

313 Wat dink jy daarvan wat daar sit, dametjie, wat na my kyk? Glo jy dat ek Sy profeet is? Dan sal daardie lae bloeddruk jou verlaat.

314 Die dame wat reg agter jou sit, wat het jy daarvan gedink, meneer, toe sy na haar gekyk het? Die dame reg agter jou, die dametjie met ’n bril op, jy het ook lae bloeddruk gehad. Dis reg. Toe hulle daardie ding om jou arm gesit het, het hy vir jou gesê jy het lae bloeddruk. Dit reg? As dit reg is, steek jou hand op. Hoe het ek geweet hy het dit gedoen?

Amen. Glo jy in Hom?

315 Spatare, glo jy God sal dit genees? Goed. Het jy ’n gebedskaartjie? Goed, jy hoef dit nie te gebruik nie. Jy’s genees. Gaan, glo dit.

316 Reg daaragter, artritis, wat reg daaragter sit, tweede een in die ry sit. Glo jy God sal jou genees? Jy glo? Aanvaar dit. God seën jou. Dis reg. Dankie, dame, dat jy so gesê het. Gaan, word gesond gemaak.

317 O God! Wat kan Hy nog doen? Wat meer kan . . .? Hy het julle alreeds genees, Hy is ter wille van julle oortredinge deurboor, ter wille van julle ongeregtigheid verbrysel. Nou, julle besef dat die hele ding is, net lyk soos net ’n groot Lig oor die hele gebou nou. Sien, ek—ek kan skaars niks daarbuite sien nie. Dis net . . . Glorie! As ek kon . . . As julle net kon besef dat dit Hy is! ’n Toestand . . .

318 Julle sê: “Broer Branham, wat maak jou . . .?” Ek kan julle nie sê nie. Maar dit was twintig of vyf-en-twintig visioene wat hier op die platvorm gebeur het, as een Hom swak gemaak het, wat sou dit aan my doen? Sien julle Sy genade? Hy wil hê julle moet dit almal glo.

319 Glo julle dit? Glo julle dit met julle hele hart? Sal julle dit aanvaar met julle hele hart? Staan dan op julle voete, en aanvaar

Hom as julle Verlosser, as julle Geneser, as julle Doper. En ek vertrou julle toe aan God, in die Naam van Jesus Christus, mag die God van die Hemel Sy Gees op julle uitstort. Steek julle hande op en prys Hom, en julle is nou genees.

61-0311 Moenie Vrees Nie
Liriek Gebou
Richmond, Virginia V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org